# Die Derde Seël

Jeffersonville, Indiana, USA
20 Maart 1963

1 Goeienaand, vriende. Laat ons net 'n oomblik staan vir gebed. Buig ons hoofde.

Ons Hemelse Vader, ons hoor dat—daardie pragtige lied, en ons—ons dink, Here, van … dat U naby is. En ons bid dat U ons vanaand sal ontvang, Here, as U kinders, vergewe al ons sondes en oortredinge, en gee ons van U seëninge, omdat ons behoeftige mense is.

En in hierdie belangrike uur waarin ons nou lewe, en ons sien, jaarliks, word dit donkerder en donkerder, vir die wêreld. En die Koms van die Here word helderder en helderder, soos Hy Homself openbaar in die … in Sy Woord en in Sy manifestasie. Ons het weer byeengekom, vanaand, Here, om te probeer, met die diens, om te bid tot U om vir ons oop te maak, Here, hierdie Derde Seël van hierdie Boek, dat dit aan ons bekend mag wees, dat ons sal weet wat om te doen en hoe om te lewe, en hoe om beter Christene te wees.

2 Ek bid, God, dat U elke nie-Christen hierbinne, vanaand, sal laat besef hulle behoefte vir U. Skenk dit. En ek—ek bid, Hemelse Vader, dat elke wedergebore Christen sal besef dat hy nader moet lewe as wat hy in die verlede het, dat ons almal in daardie eenheid van Christelike liefde en geloof mag wees.

Skenk dat elke siek persoon in ons midde vanaand genees sal word, Here. Hulle besef wel hulle behoefte vir U. En ek bid, Vader, dat U alles sal seën wat gedoen of gesê word, tot U eer en heerlikheid, in Jesus se Naam vra ons dit. Amen.

3 Wel, weer, vanaand, het ons weer bymekaar gekom hiervoor, die—die Woensdagaand van die week. En ons vertrou die Here, vanaand, vir 'n—'n groot uitstorting van Sy seëninge op Sy Woord. En vandag het ek studeer, soos gewoonlik, en probeer dink aan die dinge wat meer gepas sou wees om te sê, en die ding, hoe om dit te sê, en dan afhangend van die Here om vir my die interpretasie en betekenisse te gee van— van hierdie Woord wat geskryf is. En ek is dankbaar teenoor Hom vir wat Hy vir ons gedoen het deur die week, dat ons … die oopmaak van hierdie Seëls.

4 En, nou, miskien sou dit 'n goeie ding wees as Sondagoggend, by … Julle weet, baiekeer bedoel ons nie om misverstaan te word nie, maar, julle weet, julle … Dit gebeur wel. En so, miskien, Sondagoggend, as almal wat 'n vraag daaroor het, dit sal neerskryf en dit hier op die lessenaar los, Saterdagaand, sodat ek kan sien wat dit is. En dan sal ek probeer om dit vir julle te antwoord, Sondagoggend, as die Here wil. Ek dink dit sal beter wees as wat ons beplan het, want dit word soms misverstaan, julle weet. En so op daardie manier sal ek … Dit sou beter wees dat ek—ek dit reg kan kry, julle weet. Dit sal wees net wat dit moet wees. Want, somtyds, nou …

5 Iemand het vandag gebel en gesê, dat—dit, gebel en wou weet of dit waar was, dat: “Wanneer die —die Wegraping plaasvind, sal daar net een in Jeffersonville wees en een in New York, en die res van hulle oorsee.” So, sien, dit is net verkeerd verstaan. Toe het iemand gesê, dat: “Saterdagaand, as die Here vir ons die laaste Seël gee, dan sal Jesus Sondagoggend hier wees.” Sien? So dis 'n—dis 'n … Julle sien, julle—jy … Dit, dit is nie so nie. En jy doen dit nie … Dit is nie.

Ons weet nie. As enigiemand vir jou sê dat hulle weet wanneer Hy kom, weet jy hulle is verkeerd, om mee te begin, want niemand weet dit nie. Maar ons wil lewe, vandag, asof dit net nou is.

6 Ek gaan julle soort van vir 'n oomblik deurmekaar maak, so wees gereed. Ek—ek glo Jesus sal binne, binne drie minute van nou af, van Sy tyd kom. Weet julle hoe lank dit sal wees? Omtrent vyf-en-dertig jaar. Sien, duisend jaar is net een dag, vir Hom, julle sien.

So, wanneer jy die apostel daar hoor sê: “Die tyd is op hande,” hier: “die tyd is op hande.” Die apostel het dit in Openbaring gesê. Julle weet hoe lank is dit? Dit het nie … Dit was net gister, vir God, nog nie eens twee dae nie.

En, sien, as dit drie minute is, minder as drie minute tot Sy Koms, sien, dit sou dertig jaar wees, omtrent, vir ons, of iets in daardie lyn. En kyk hoe, wat drie minute vir Hom sal wees: Hy staan alreeds op, om te kom. So ons, julle … partymaal wanneer julle hier lees, praat Hy in die terme van die Woord, sien, nie in ons terme nie.

7 En dan as ek geweet het Hy kom môre-aand, môre-aand, dan sal ek môre studeer en Hom vra om my die Boodskap vir die Vierde Seël te gee. En ek sal hierheen kom en Dit preek, net dieselfde. Sien? Ek —ek wil elke dag doen net wat ek sal doen as Hy kom. En ek ken geen ander beter plek om gevang te word as reg op jou pos van diens nie, sien, op my pos van diens. So ons hou net aan en gaan aan totdat Hy kom.

Partymaal wanneer ons net lees, en, nou, wees baie versigtig. En wanneer jy lees, die bande kry, luister baie mooi na hulle. Want, jy sal dit op die band kry, want hulle het daardie bande teruggespeel, en hulle is regtig goed en duidelik. So, julle sal dit duideliker daar kry.

8 Nou, almal lief vir Christus, hoop ek, vanaand, en almal het Hom lief.

Ek sal julle sê wat, partymaal, wat die mense verwar, is as iemand inkom en hy het nie die eerste deel van die diens gehoor nie, julle sien. Dan kom hulle in en hulle hoor dat jy terugverwys, teruggaan, iets, en dan neem hulle dit, wat gesê is, en hulle het nie die eerste deel gekry nie. Dan is dit alles verwarrend vir hulle, julle sien, dan. En hulle dink wel dat iets anders gesê is, maar Dit—maar Dit was nie.

So as jy 'n vraag het oor wat jy nie verstaan nie, skryf dit net neer op 'n stuk papier. Lê dit neer, enige tyd tussen nou en Saterdagaand. En ek sal probeer, Sondagoggend, om … As dit 'n bietjie verwarrend is, en jy sê: "Wel, ek wonder net wat *dit* hier beteken het. Ek het dit nie begryp nie." Julle weet wat ek bedoel. Dan sal ek dit vir julle probeer antwoord, Sondagoggend, as die Here wil.

9 Nou, vanaand gaan ons weer uit hierdie geseënde ou Woord lees, in die 6de hoofstuk. En ons begin vanaand met die Derde Seël. En dit is die 5de vers, die 5de en 6de vers.

En môre-aand sluit ons die vier ruiters af; die wit perd, en die rooi perd, swart perd, en vaal perd.

10 En ek wil dit sê. Dit, elke keer, selfs tot vanmôre, omtrent … Ek staan regtig, baie vroeg op en gaan bid voor dinge roer, en hou net aan bid deur die dag. Maar vanmôre, vroeg, het die Heilige Gees gekom na waar ek was. En net so duidelik soos enigiets, ek—het ek hierdie ander Seël nou sien oopgaan, net presies. Nou—nou—nou, Hy hoor my, ek weet. En ek is baie dankbaar.

Nou, julle sal net onthou dat daar iets is wat gebeur. Dat, ek—ek hoop julle begryp dit, sien, sien, dat daar iets besig is om te gebeur. Ek wil net hierdie kerk eenkeer toets, en kyk of hulle werklik iets kan optel voor dit werklik plaasvind. Onthou nou, onthou wat ek julle vertel het. En, nou, die Here help ons.

11 Nou in die 5de vers.

> *En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand.*
>
> *En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning, en moenie die olie en die wyn beskadig nie.*

12 Nou laat ons dit net 'n bietjie agtergrond gee, en oor die Seëls wat ons gehad het. Want, net soos in die kerkeeue, wel, ons probeer 'n agtergrond gee, om dit soort van te oorvleuel, totdat jy kan … Dis hoe die eeue eintlik in die Skrif is, een loop reg in die ander een, net so. Soos om 'n leer te klim, en 'n trappie te klim, liewer; een gaan af na die ander, en kom so terug, soos jy 'n trappie opgaan.

13 En nou, hierdie Seëls, die … Dis 'n—die Boek van Verlossing, verseël. Verstaan almal dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] En hierdie Boek is verseël met Sewe Seëls. Dit is 'n sewe-verseëlde Boek. Sien?

En onthou nou, soos ons dit vir julle uitgebeeld het, en dit geneem het van Jeremia en so. Nou, hulle, toe hulle … Hulle het *so* geskryf, op 'n stuk skrif, of 'n papier, liewer; of, nie papier nie, maar dit was 'n vel. [Broer Branham illustreer die rol en seël van 'n boekrol, deur velle papier te gebruik — Red.] En hulle het dit opgerol, *so*. Nou dat … En die einde daarvan word *so* gelos; dit wys wat daarin is. Dan die volgende een word dieselfde manier gedoen, rol dieselfde manier op, rol *so*. En dan, aan die einde hier, word dit *so* afgeskeur, en los nog een.

14 Wel, dit was die sewe-verseëlde Boek. Nou ons het nooit boeke soos *die* gehad tot onlangs nie. Die Boeke in die ou tyd was boekrolle. Hulle was opgerol. En dan as hulle die onderwerp soek of enigiets wil hê … Soos as—as die Bybel opgerol is, en jy wil die Boek van Jesaja lees; sou hier gaan na Jesaja, Dit dan *so* afrol, en Dit lees. En hierdie is 'n sewe-verseëlde Boek van Verlossing.

En nou vind ons dat die Lam uitkom, die Boek neem uit die hand van Hom wat op die Troon sit, en die Seëls breek, en—en los … en Dit losmaak, die Seëls aan die mense openbaar.

En die vier Gediertes wat daar sit, wat ons in die kerkeeue ondersoek het, dieselfde vier Gediertes, wat julle die hele pad deur die Skrif sien, en hulle is die Een Wie die aankondiging doen van hierdie Seëls wat gebreek word. Nou, en ons sien dit is 'n—'n Boek van Verlossing.

15 Toe ons teruggegaan en die—die Bloedverwante Verlosser gekry, en Hom bestudeer, om te sien wat Sy werk was. En nou vir al hierdie jare, het Christus die Bloedverwant Verlosser werk gedoen. Nou, almal wat dit verstaan, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Hy het die werk van die Bloedverwante Verlosser gedoen.

Maar daar sal 'n tyd kom dat wanneer die verlossingswerk verby sal wees. En wanneer die verlossingswerk verby is, dan verlaat Hy die Troon van God, waar Hy nou sit. Maar dis nie Sy Troon nie.

"Hy wat oorwin, sal by My sit in My Troon, soos Ek oorwin het en gesit het op My Vader se Troon." Dis nie Sy Troon nie. Dit behoort aan Gees, God. Christus, die Lam, dit behoort nie aan Hom nie. Hy is die geïnkarneerde God, sien; wat dieselfde God is, wat geïnkarneer is. Nou, Hy staan op van die sitplek …

16 Eerste, het die aankondiging uitgegaan, want: "Wie is in staat om te kom en her- … en hierdie Boek van Verlossing te neem?" Sien, vir die hele plan van verlossing, van Adam, alles wat Adam verloor het.

Daar was niks verlore voor Adam nie. En na Adam, was alles verlore, op die aarde. En alles op die skepping van die aarde was verlore. En alles het saam met Adam geval, die afgrond oorgesteek, dat niemand kon terugkom nie, glad nie. Die mens, toe hy gesondig het, het hy afgewyk van sy pad, hy het geen pad terug gelaat vir homself nie. En toe die …

17 Toe hierdie vraag gevra is; Johannes die openbaarder, dat … die profeet Johannes, was in die visioen en het dit gesien. En daar was geen mens in die Hemel, geen mens op aarde, geen mens onder die aarde, of niemand, wat selfs waardig was om na die Boek te kyk nie. Sien? Nou dink net daaraan! Toe kom die Lam na vore, en Hy neem die Boek. Nou Johannes is gevra om nie meer te ween nie. Hy het gesê: "Kyk, die Leeu van Juda het oorwin, en—en Hy kan die Boek neem en Dit oopmaak." So, hy het omgedraai om te kyk vir 'n Leeu, en hy het 'n Lam gesien. Die ouderling het geroep, gesê: "'n Leeu het oorwin." Maar toe hy gekom en kyk het, was dit 'n Lam wat uit die Troon gekom het.

18 Nou, hy het Dit nooit tevore opgelet nie. Hoekom? Hy was terug daar, besig met Sy bemiddelaarswerk; want Hy het gebloei vir die mense, bemiddeling vir die mense, totdat die laaste siel, wat op die Lam se Boek van die Lewe geplaas was voor die grondlegging van die wêreld, ingekom het. Daar gaan net soveel van hulle daar wees, en dis dit. Dis al. Die ander sal nie eens wil inkom nie; hulle het geen begeerte om in te kom nie. En so, dan, wanneer daardie laaste siel inkom, dan is die tyd van verlossing verby.

19 Dan kom die Lam na vore om Sy regte op te eis op wat Hy verlos het, en dis die hele skepping. Die aarde en alles behoort aan Hom. Sien? Hy het dit verlos met Sy Eie Bloed. En wanneer Hy na vore kom om hierdie Boek te vat, om Dit oop te maak, wel, goeiste, hulle was … Johannes het nie meer gehuil nie. En hy het gekyk, en hierdie Lam was 'n geslagte Lam. Dit was alreeds doodgemaak, maar dit was weer lewendig. En nou het ons uitgevind dat 'n geslagte lam 'n bebloede lam is, wat oral bloei. Dis doodgemaak. Nadat Dit geslag is, het Dit weer opgestaan. Dit het op die Troon gesit, sê, ver agter in die Troon, soos *die*, bemiddeling gedoen vir al daardie siele wat sou kom. En toe die laaste een hier was, en dit voltooi was, die … God het steeds die Boek van Verlossing gehou. Sien? Nou Hy doen die Bloedverwant werk nou.

20 Soos, Boas wat afgegaan het, en Rut het net daar gesit en wag totdat Boas … ek bedoel, Boas het die na- … bloedverwant, verlossingswerk gedoen. Onthou ek het dit gepreek, nie lank gelede nie? Rut, die bymekaarskraap; en, Rut, wat sy ookal gedoen het; en verder, en die laaste ding was, Rut, wat wag. Onthou hoe ek dit in die Kerk getipeer het? Terwyl, Boas afgaan om die bloedverwant verlossingswerk te doen. Hy het dit gedoen; sy skoen uitgeskop en 'n getuienis gemaak, en Naomi verlos, en, daardeur, Rut gekry—gekry. Nou, so, Rut het net gewag, want sy het alreeds gearbei. Sy het al hierdie ander dinge gedoen, maar sy het nou gewag. En dan wanneer … Die Kerk wag, rus (baie van hulle, meeste van hulle, in die stof van die aarde), terwyl Hy Sy Bloedverwant Verlossing werk doen.

21 Nou die wêreld word steeds erger. En sonde hoop op, en—en siekte, en probleme, en dood, en smart. Die goddelose mans en goddelose vroue sterf reg uit. Kanker vreet hulle op, en alles anders, wanneer hulle nie genoeg geloof kan aanwend om uit te reik en 'n houvas daarop te kry nie.

Nou let op. Maar toe nadat dit alles verby was, nadat Sy media- … Sy bemiddeling gedoen is, kom Hy na vore, neem die Boek uit die hand van Hom. En toe het Johannes, en alles in die Hemel, en begin … Die siele onder die altaar begin skree. Ons kry dit in die Sesde Seël, weer. En hoe het hulle nie gejubel nie! En—en hulle het neergeval, die ouderlinge, en die gebede van die heiliges uitgestort. En die siele onder die altaar het uitgeroep: "Waardig is U, want U het ons teruggekoop vir God! En ons gaan terug aarde toe, om te lewe as konings en priesters." O, daar was 'n groot …

22 En Johannes het gesê: "Almal in die Hemel, alles onder die aarde, en alles," het hom gehoor God prys oor dit. Johannes moes sy naam Daar gevind het, julle weet. Al daardie tyd!

Toe het hy gesê: "Hy is waardig om die Boek van Verlossing te neem." Nou dit behoort nie meer terug aan die Regter nie. Dit behoort aan die Verlosser, en Hy het klaar die werk van verlossing gedoen.

Nou gaan Hy die Kerk wys wat Hy gedoen het. Amen. Sien? Dan neem Hy net … Maar die Boek is toe. Niemand het geweet nie, glad nie. Hulle weet Dit was 'n Boek van Verlossing, oor Dit daar, maar Dit sou geopenbaar word in die laaste dae. Volgens Openbaring 10, gaan die sewende engel die Boodskap van Dit gegee word. Want, Dit het gesê, dat: "In die tyd van die klank van die sewende kerk tydperk, die sewende engel, wanneer hy verkondig, moet al die verborgenhede van God volbring wees, deur sy

weerklank.” Dan, nadat Dit geopenbaar is, daal die Engel neer uit die Hemel, wat Christus is. Onthou nou, hierdie engel is op aarde, 'n boodskapper.

Af kom Christus, julle sien Hom in die 10de hoofstuk van Openbaring; sit een voet op die land, die ander een op die see; reënboog oor Sy hoof, oë soos … en voete soos vuur, ensovoorts; steek Sy hand op, en sweer by Hom wat vir ewig en ewig lewe, op die Troon, dat: “Tyd sal nie meer wees nie.” En wanneer Hy hierdie eed aflê, uiter Sewe Donderslae hulle stemme.

23 En die skrywer, wie, toe Johannes opgeneem is, veronderstel was om te skryf wat hy gesien het. Hy het begin neerskryf. Hy het gesê: “Moet Dit nie skryf nie.” Omdat … “Moenie Dit skryf nie.” Dit is 'n on- … Hy het gesê: “Verseël dit.” Waar in? “Verseël. Moenie Dit sê nie.” Sien, Dit moet geopenbaar word, maar Dit is nie eens in die Woord geskryf nie.

En toe Hy die Seëls begin oopmaak het, vind ons uit, hulle was almal verward. Sien? Toe Hy die Eerste Seël oopgemaak het, het hy gedink: “Nou hier gaan Dit sê: 'En dit sal wees dat *so-en-so* die troon sal inneem, en iemand sal *dit* doen, en *dit* sal *dat* doen.'”

Maar toe dit het, hier gaan hy, 'n wit perd, wat ry, en 'n ruiter daarop. Wel: “Hy het 'n boog in sy hand gehad; en hy is 'n kroon gegee, na 'n ruk,” het hy gesê. Dis al.

24 En die Lam het weer omgedraai, en nog 'n Seël afgetrek, en hier het 'n swart … 'n rooi perd ruiter uitgegaan. “En hy is 'n … 'n swaard gegee; en hy sou oorlog voer; en groot mag gegee, en neem vrede van die aarde af, en maak mekaar dood.” Dit was soort van 'n … steeds 'n misterieuse ding (is dit nie?) , toe Hy Dit oopgemaak het.

En gaan dan voort, en sê: “In die dag net voor hierdie Sewe Donderslae, word al die verborgenhede hier geopenbaar.”

25 Nou kyk. Dan vind ons uit, soos ons studeer het, dat, deur die eeue heen, het ons hervormers gehad, nie profete nie. Hervormers! En elke amp dra sy eie—sy eie werk.

Net soos 'n man wat 'n—'n telefoonoperateur is, hy is nie eintlik 'n elektrisiën nie. Hy kan dalk 'n bietjie daarvan doen. En soos, as 'n man 'n kragdraad werker is, wel, hy is beslis … 'n Man grawe gate vir kragpale, en het nooit enige kraglynwerk gedoen nie, hy beter wegbly van dit; maar hy mag 'n bietjie regmaak of iets daar rond doen.

26 Maar wanneer die ware Ding geopenbaar moet word in die laaste dag, van die laaste deel van die Kerk, dis wanneer God gesê het dat Hy na ons sou stuur, volgens die Skrifte. En ons het dit absoluut deursoek, dat Hy voorspel het dat die Gees van Elía sou terugkeer in een of ander persoon. Nou, ek dink dit is baie duidelik gemaak. En ons … En ons wag vir dit om te gebeur; iewers, 'n gesalfde persoon, in die laaste dae, om op te staan. Nou julle sal 'n klomp fanatici en alles anders hoor, maar dit probeer net—net om … Dis die duiwel, wat probeer wegvat van die ware een wanneer hy hier kom, sien. Maar dit sal behoorlik geïdentifiseer wees. Julle weet wat Elía was; en hou dit dop, en julle—julle sal weet. En dan wanneer hy … Nou, die Uitverkorenes sal weet.

27 Nie die ander nie; hulle sal dit beslis nie doen nie. Hulle sal Dit mis, 'n miljoen myl. Soos … Ons was deur dit alles, en het gewys hoe hulle Johannes gemis het, hoe hulle Elía gemis het, hoe hulle Jesus gemis het, hoe hulle dit die heeltyd gemis het. En hulle sal dieselfde ding doen, want die Bybel het gesê hulle sou. Sien? So dan, in daardie tyd, sal Dit baie nederig wees. Dit sal so eenvoudig wees. Dit sal … wat mense sal laat wegval van Dit. Dis te eenvoudig vir hulle. Ons vind uit, en altyd, wanneer mense slim en geleerd raak, en baie weet, dan het hulle net … Dis net die soort wat dit mis, julle weet. Sien?

Jesus het nooit daardie soort mense vir Sy dissipels gevat nie. Hy het ongeleerde mense gevat, vissermanne, en niemand wat verbind was met hulle kerke en dinge nie. Hy het net gewone mense gekry, tollenaars, en boere, en vissers, ensovoorts, gekry om Sy werk te doen. Sien? Want, hulle—hulle weet hulle is niks, dan kan Hy iets van hulle maak, sien. Solank hulle aanhou om te weet dat hulle niks is nie, dan kan God werk.

Maar wanneer hulle begin dink dat hulle iets weet, dan: “Jy weet niks wat jy behoort te weet nie,” sê die Bybel. En so, dan, vind ons—ons dit.

28 En nou, vind ons uit, dan, dat hierdie verborgenhede veronderstel is om geopenbaar te word.

En waarom het hierdie ander manne nie, Wesley, Luther, en daardie groot hervormers, wat regverdigmaking, heiligmaking, die pinkstereeu met die doop van die Heilige Gees en dinge uitgebring het, waarom het hulle nie hierdie—hierdie Boodskappe begryp nie? Waarom het hulle Dit nie verstaan nie? Omdat hulle hervormers was. Sien?

Net soos, vat dit na die ander kant, daar het mense ingekom wat “mag gehad het soos konings, maar nie konings was nie.” Sien? Sien? Jy moet let op die Bybelterminologie van enigiets. Sien? Nou kyk.

Maar, dit, is die rede waarom al die los punte eindig, van die misterieuse deel oor regverdigmaking, die misterieuse deel van heiligmaking, die misterieuse deel van die doop van die Heilige Gees. En, wel, watter soort het … Het Eva 'n appel geëet, of het sy 'n granaat geëet, of iets? Sien? Het … Wat was die slang se saad? En—en is die doop in die naam van die "Vader, Seun, Heilige Gees," of die Naam van die "Here Jesus," reg? En, o, honderde van daardie dinge, is oop-gelos. Sien?

29 En dan in die laaste uur, moet hierdie kêrel kom en die ding openbaar, sien, die Skrifte opneem. Dit sal behoorlik geïdentifiseer wees. Kyk. Ja, meneer. En, nou, dit sal nie 'n groot, baie groot ding wees nie. Dit lyk asof, hier in die Bybel, of dit iets groots sal wees.

Hoeveel groter was dit, toe Johannes afgekom en gedoop het! Dink nou net. Die profete, terug, die hele tyd terug, Jesaja, Maleági, en almal van hulle het van hom gepraat, wanneer hy sou kom. En toe hy het, net 'n eensame, ou, onopgevoede kêrel, met wangbaarde regoor sy gesig, en hare wat uitsteek soos 'n donserige wurm, en 'n groot ou stuk skaapvel om hom gedrapeer; glad geen geleerdheid nie, nooit 'n dag in sy lewe skool toe gegaan nie, sover ons weet. Sien? Hier het hy gekom, uit die wildernis, nie eens soveel as verwelkom in 'n preekstoel nie, en het daarbuite op die Jordaanrivier gestaan en begin roep vir mense om hulle te bekeer. Kan julle, julle voorstel!

30 Die Bybel het gesê, dat: "Alles sal so groot wees in daardie dag, dat selfs die hoogste laag gemaak sal word, en al die lae plekke hoog gemaak sal word." Ja meneer. "En al die rowwe plekke sal glad gemaak word."

Wel, ek kan my voorstel om hulle daar te sien, dink Johannes sal uitkom, of hierdie groot voorloper van Christus, en net die hele woestyn vat en dit glad maak, en weer gras insit. Sien? O, hulle, ek veronderstel hulle het dit alles reggehad, omtrent soos hulle vandag het.

Maar, dit was so nederig, selfs die apostels het dit gemis. Hulle het gesê: "Wel, waarom sê die Skrif, as die … Gaan jy nou daarheen om geoffer te word? Waarom sê die Skrif dat—dat Elía eerste moet kom?"

Hy het gesê: "Hy het alreeds gekom, en julle het dit nie geweet nie. En, Seun van die mens, hulle sal dieselfde ding doen. Maar, Johannes," het Hy gesê: "het gedoen net wat vir hom aangedui was om te doen. En hulle het aan hom gedoen net wat hulle veronderstel was om te doen. En, gesê: "so moet die Seun van die mens ly."

Wel, daar was nie, dink ek, nie een derde van die hele Joodse ras het ooit geweet dat Jesus Christus op aarde was nie. Het nie … Hulle mag gehoor het van een of ander fanatikus daar êrens, maar hulle het geen aandag daaraan geskenk nie, net aangegaan. "Hy het na Sy Eie gekom, en Sy Eie het Hom nie ontvang nie." Nou, daar is waar ek glo selfs … Nou, dit het nie gesê Hy sou in die geheim kom nie.

31 Maar die Wegraping sal 'n geheim wees. So as dit so geheim was, wanneer Hy sou kom, hoeveel te meer sal die Wegraping onbekend wees! Sien? Hulle sal dit nie weet nie. Duidelik sal hulle sê: "Wel, ek het gedink ons was veronderstel om 'n Wegraping te hê. En al hierdie oordeel op die aarde?"

Hy sal sê: "Dit het alreeds plaasgevind, en julle het dit nie geweet nie." Sien? Dit sal so wees, net soos 'n dief in die nag.

Soos 'n—'n boek wat ek gelees het, eenkeer. Wat was dit genoem? Romeo en Juliet, is dit wat dit was, of iets? Hy het, die leer aan die kant van die huis gesit, op een of ander manier. Ek ver- … Was 'n lang tyd gelede. En, het sy … om haar uit te kry in die nag.

32 Nou, dis hoe dit sal—dit sal plaasvind, en dit sal verby wees. Nie, hulle sal 'n klomp Engele afstuur, met 'n paar grawe, en die grafte opgrawe nie. Die Bybel het gesê: "Ons sal verander word, selfs voor jy jou oog kan knip." Net 'n oogknip, dit sal alles verby wees, so vinnig.

Sê net: "Iemand het verdwyn."

Wel, ek kan my voorstel as ons die wêreld kon deursoek, vandag, daar is vyfhonderd mense wat van die aarde af verdwyn elke dag, sien, wat hulle niks van weet nie. Hulle kom op as, weggeraak.

Wel, daar gaan nie te veel in daardie Wegraping gaan nie.

33 Nou, ek wil julle nie bang maak nie, en ek—en ek—ek—ek—ek dink nie dis so nie, maar ek wil julle net vertel wat Hy gesê het. En julle weet dit, julleself. "Soos dit was in die dae van Noag, waarin agt siele deur water gered is. Agt siele uit die wêreld, gered deur water."

Wel, jy sê: "O, goeiste! Dis sal nie help ek probeer nie." Dit wys jy het nie die soort geloof wat jy nodig het nie.

As daar net een gaan—net een wees, sal dit ek wees, amen, want ek glo. Sien? Dis hoe jy dit wil glo, sien: "Gaan ek wees." Sekerlik. Ek wil so naby aan Hom lewe, dat ek weet Hy gaan my vat wanneer

Hy kom. Ek glo dit. Dis reg. So as daar … As al die ander dit mis, gaan ek daar wees, deur Sy genade. Want, Hy het my dit belowe, en ek weet dat ek sal—ek daar sal wees, want Hy kan nie lieg nie. En ek weet my siel en lewe getuig daarvan, en ek probeer daagliks lewe net asof Hy kom, so ek—ek—ek gaan daardie een wees. Dis hoe jy wil voel: "As daar agt gaan wees, sal ek een van daardie agt wees; gaan vyfhonderd wees, dan gaan ek een van daardie vyfhonderd wees. Weet nie van die ander kêrel nie, maar ek wil een van daardie vyfhonderd wees." Sien? Dis hoe jy dit moet onthou. Sien?

En as jy dit nie so onthou nie, is daar iets verkeerd met jou geloof. Sien? Jy is dan nog nie seker of jy gered is nie. Jy raai net daaroor. Moet dit nie doen nie. Goed.

34 Ons gaan nie by hierdie Seël uitkom nie, gaan ons? Goed. Ek wil, elke aand … Ek weet nie of julle omgee dat ek julle tyd in beslag neem nie. Ons kan 'n bietjie vroeër uitkom. Daar's nie te …

In die openbaring van hierdie, van hierdie Seëls, onthou, dis regtig net een vers. Die eerste, maak die aankondiging van, die 2de vers. Omtrent alle kommentare, ensovoorts, die lees daarvan, of—of lees van hulle gedagtes, en ek het—en ek het altyd geglo soos byna almal van hulle, dat daardie eerste perde ruiter die—was die vroeë kerk . Maar toe die Heilige Gees dit geopenbaar het, was dit absoluut teenstrydig daarmee. En so dan, al wat dit doen, wys net wat dit is. En dan probeer ek …

35 Nou, vir my, is dit baie heilig. Dis waarom ek liewer hierdie vrae wil beantwoord. En laat ons dit verstaan, almal weet presies, en op bande, ook, dat hulle nou verstaan. Sien? Ek het 'n rukkie probeer praat, in die aand, die agtergrond, om die mense te kry …

Storm in en druk in, en, julle behoort dit nie te doen nie. Sien? Maar, wanneer dit gebeur, is dit menslike wesens. En dis warm hier—hierbinne, en julle—en julle is rusteloos.

Maar julle was baie, is baie gaaf. Die beste wat ek ooit die mense sien optree het, in die tabernakel, was met hierdie byeenkoms; en sit stil, en moeders wat hulle babas na die moederskamer neem as hulle begin huil. En alles is baie goed.

36 Maar ek probeer die agtergrond gee totdat ek die salwing van die Gees op my voel, om hierdie Woorde te sê, om te sê wat aan my geopenbaar is. En dan as ek het, iewers, dit doen, as ek hier 'n fout maak, sal Hy sekerlik hier voor al die mense my korrigeer. Ek—ek wil dit hê. Dis—dis … Ek wil Dit reg hê. Dit is nie nodig om net aan te neem wat jy jou voorstel nie. Daar is iets wat reg is, en—en ons wil Dit hê. Ons wil hê God moet ons gee wat reg is.

37 So nou het ons dit gevat, hierdie ruiters, soos hulle opgekom het. Die eerste perd, nou, en ons besef dat dit die—die antichris was wat uitgegaan het. En toe vind ons uit, gisteraand, dat dieselfde kêrel wat uitgegaan het as antichris, as 'n wit perd, ons het hom met 'n swaard gevind, gisteraand, gery, en mense doodgemaak.

Nou, nou, daar's altyd die natuurlike en die geestelike. En om die Kerk se onthalwe, wil ek tipeer, net voor ons by die opening van hierdie Seël kom.

Wat, wat Hy my gegee het, ek het dit hier neergeskryf. Ek het verskeie Skrifte hier, sewe of agt bladsye daarvan, en soos ek daarna verwys.

Let op, ek wil 'n tipe gee, van die Kerk, en dit so duidelik maak dat julle verplig sal wees om dit te sien. Sien?

38 Nou, daar was 'n natuurlike bruid in die tuin van Eden. Onthou gisteraand? Daardie natuurlike bruid, sy was Adam se liefling, nog nie sy vrou nie, want hy het haar nog nie as 'n vrou geken nie.

Net soos Maria Josef se vrou was, maar hy het haar nog nie geken nie. "Sy was verwagtend." Sien?

Nou, voor Adam sy vrou geken het, was sy net 'n bruid vir hom. Goed. En ons vind uit dat God … Sy, sy het in die tuin van Eden geval omdat sy nie aan God se Woord vasgehou het nie.

39 Nou, Hy het geweet dat Satan onder hulle losgemaak sou word, so Hy het hulle 'n—'n plek gegee om agter te skuil; hulle te versterk. Wel, nou, wie kan aan enige beter plek dink om versterk te word, as God, as Hy probeer om vir Sy eie kinders te sorg?

As ek vir my klein Josef wou sorg, wel, broer, alles … En ek weet sy lewe het afgehang daarvan, wel, ek sou … en ek in staat was om dit te doen. Wel, as veertig voet beton, versterk, sou— die ding sou wees wat dit sou doen, dis … ek sou dit negentig voet maak, om seker te wees, van dit.

En as ek dit kan dink oor my seuntjie, (wat, as sy sterflike lewe verlore is, ek glo 'n kind sou gered word,) hoeveel te meer, vir God, vir Sy kind wat Ewiglik verlore sou wees! Agter wat moet Hy hom sit? Hy het hom agter Sy Eie Woord geplaas. Solank jy in daardie Woord is, is jy veilig. "As jy in My bly, en My Woorde in jou, vra dan net wat jy wil." Dis dit, die Woord.

40 So, Eva het begin loop in die tuin, en sy het in die slang vasgeloop, 'n baie gepoleerde soort kêrel. En sy … En hy het begin … Nou, hy was aan die ander kant. God lewe, woon, werk in nederigheid, nooit enige ander manier nie. Sien? Nou, die klein, nederige dame wat geloop het, en Satan het voorgekom as 'n wyse, mooi, gepoleerde soort kêrel. En hy wou aan haar die program verkoop. Solank as …

Maak nie saak of Satan daar was nie; solank as wat sy agter hierdie Woord gebly het, was sy reg. [Broer Branham tik op sy Bybel — Red.] Sien? So, laat Satan doen wat hy ookal wil; bly jy net by die Woord. Maak nie 'n bietjie saak nie.

As hy sê: "Wel, jy's siek."

"Deur Sy wonde is ek genees."

"Wel, jy gaan sterf."

"Hy sal my weer opwek. Hy het dit belowe."

41 Sien, bly net met die Woord. Dis al. Christus het teruggetrek na die Woord, Homself. "Daar staan geskrywe." Sien? Nou, bly agter die Woord.

Maar, Eva, sy het soort van begin om te laat gaan, maar sy het dit nooit alles gelos nie. Sy het net een uitdrukking uitgelaat. En dis wat Satan wou hê sy moes doen. Hy het haar van God se belofte afgekry, deur redenasie.

Moet nooit probeer om te redeneer oor God se Woord nie. Glo Dit net! Sien?

So, sy het uitgestap van Daar. En voor Adam ooit by haar kon kom, as 'n vrou, was sy alreeds deur Satan verontreinig. En sy …

En het julle opgelet? Christus het dieselfde ding gedoen, presies. Nou, vir verlossing, moes God eerste daar wees. Het julle opgelet? Maria, voor sy by Josef gekom het, het die Heilige Gees daar gekom. Amen. Sien? Dis waar die Verlosser kom.

42 Nou, nou let op, die natuurlike vrou het geval, en God het 'n weg gemaak vir haar om verlos te word. Hoewel sy geval het, het Hy 'n weg gemaak.

Nou, dit was die eerste bruid op aarde, wat geval het, voor haar man en sy getroud is. Sy het geval, deur—deur middel van—van redenasie, in plaas van om by die Woord te bly. Sy het geval. En sy het geval tot dood, Ewige skeiding. Saam met haar, het sy haar man gevat en alles anders wat daar op die aarde was. Sy het geval!

43 Nou, maar, God, vol barmhartigheid, het 'n weg gemaak om daardie vrou te verlos. En nou het Hy haar belowe, het haar vertel dat een of ander tyd, in die toekoms, sal die ware Woord weer na haar toe kom. Die ware Woord sal aan haar bekend gemaak word. Nou onthou dit. Want, Hy het Christus belowe, deur die vrou.

En Christus is die Woord. Johannes 1: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword," sien: "en by ons gewoon." God het met ons in die vlees gewoon. Hy was die Woord.

Voor 'n Woord, is dit 'n gedagte. En 'n gedagte moet geskep word. Goed. So, God se gedagtes het skepping geword toe dit gespreek is, deur 'n Woord. Dis wanneer Hy dit bied aan—aan jou as 'n gedagte, Sy gedagte, en dis aan jou geopenbaar. Dan, is dit steeds 'n gedagte totdat jy dit spreek. Dis die rede …

44 Moses het uitgegaan om te bid. Daardie Kolom van Vuur om hom, en Hy het gesê: "Gaan, hou jou stok na die ooste, en sê, roep vir vlieë."

Daar was geen vlieë nie. Maar hy het gegaan en die stok daar gehou, en gesê: "Laat daar vlieë wees." Glad geen vlieë nie, nog nie. Het teruggegaan. Maar die woorde, God se gedagte, is alreeds gespreek. Dis 'n woord, nou moet dit gebeur.

45 Nou kan julle nie sien waar Jesus gesê het nie? "As jy vir hierdie berg sê; nie as ek dit sê nie. Maar sê jy vir hierdie berg: 'Skuif.'"

En voor jy weet, skat ek, in Moses se tyd, het groot ou groen vliee begin gons. En, na 'n ruk, was hulle vyf pond per jaart. Sien? Waar het hulle vandaan gekom? Hy … God het hulle geskape. Sien julle nie hoe …

God kan hierdie wêreld vernietig vanaand, met—met muggies, as Hy wil. Wel, Hy kan muggies ophoop tot by die maan. Enigste ding wat Hy hoef te doen is net sê: "Laat daar muggies wees, tot by die maan." Dit sal al wees wat dit vat. Geen chemikalieë of niks nie, hulle het net meer en meer

geword. Sien?

46 Hy kan doen wat Hy wil. Hy is God, die Skepper. Die enigste ding om te doen is om dit net te sê. [Broer Branham klap sy vinger een keer — Red.] Dis reg. Hy's die Skepper. Nou, as ons net kan besef hoe groot Hy is! Sien? Hy doen net wat Hy wil.

Hy sit daarbo en kyk na mense, en hierdie opvoedkundiges, wat slim is, en: "Daar's geen God nie," en —en alles. Huh! Wel, dit is net soos hulle in Babel was, weer. Babel, liewer.

Nou ons let op dat God vir Eva gesê het, dat: "Na 'n lang tyd, sal die Woord weer na jou terugkom." Nou, hoe het sy geval? Ek wil hê my klas moet dit sê. Wat het sy geval van? Van wat het Eva weggeval? Die Woord. Is dit reg? [Gemeente sê: "Die Woord." — Red.] Die Woord. En God het gesê Hy sou 'n weg maak om haar weer terug te kry na die Woord. Goed. Na so 'n lang tyd, sal die Woord aan haar bekend word. Goed. Die Woord sou nou vir een doel kom. Hou nou vas, wat ek sê. Die Woord sal na haar toe kom vir een doel, dit is vir verlossing. Goed.

47 Maar, tot—tot dan, het sy 'n plaasvervanger gehad wat sou—wat sou werk tot die tyd aanbreek vir die oorspronklike Woord. Nou verstaan julle—julle duidelik? [Gemeente sê: "Amen."] Sien? Hy het vir haar gesê die Woord sou weer na haar toe kom, maar, tot daardie tyd, het Hy haar 'n plaasvervanger gegee totdat daardie tyd aanbreek. So, Hy het haar 'n offergawe gegee om te maak, 'n plaasvervanger vir daardie Bloed.

Nou, die bloed was van bulle en skape, en bokke en dinge, maar dit het nie haar sonde weggeneem nie. Sien? Dit het net haar sonde bedek. Dit het dit nie weggeneem nie, glad nie. Dit het dit bedek. Want, dit was 'n dier se bloed, en in die dier se bloed is die dier se lewe. Dit was 'n plaasvervanger totdat die ware … Nou trek julle jasse aan.

Die regte, menslike Bloed, soos mense is, het geïnkarneer (God); sonder seks, maagd, die maagdelike geboorte het dit voortgebring. Nou God se Woord, belofte, het Bloed geword, en was geïnkarneer in die Persoon van Jesus Christus die Verlosser. "Die bloed van bulle en bokke, ensovoorts …"

48 Maar wag nou. Hier het God die belofte gemaak, gesê dit sou daar wees wanneer Dit kom: "Haar Saad sal die slang se kop verbrysel." Nou, as haar saad net van Adam gekom het, of soos van die slang, ensovoorts, dan sou dit steeds sondige saad wees.

Dis waarom Johannes gehuil het. Daar was geen mens nie, want geen mens … Almal was oorkant, aan die ander kant van die sloot, die afgrond. Maar daar kom 'n tyd wanneer hierdie plaasvervangende bloed van 'n dier weggevat sou word, wanneer die ware, geïnkarneerde Bloed kom: God, vlees en Bloed gemaak. Die Bybel het gesê Hy was. Een Timótheüs 3:16: *En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees,* Dis reg. Die maagdelike geboorte het dit gedoen.

49 Nou, die bloed van skape en bokke het sonde bedek, maar het nie daarvan ontslae geraak nie, want dit was 'n dier se bloed. Maar dit moes goed gewees het, moes 'n plaasvervanger wees.

En hulle het sekerlik gewoond geraak aan daardie plaasvervanger, en so het hulle net aangehou.

En, toe, die ware, beloofde Woord gemanifesteer is in Jesus Christus, Wat bewys het om die Seun van die groot Skepper, God te wees; en is bevestig, Homself, deur die lewende Woord van God te wees. Sjoe! Goeiste! Hy het bewys Hy was. Hy kon dinge in bestaan spreek.

Daar is nie 'n menslike wese, of—of niks in die wêreld, wat dit kan doen nie. Daar is nie 'n ding op aarde wat kan skep nie, behalwe God. Die duiwel kan nie skep nie. Hy's 'n verdraaier van wat geskep is, maar hy kan nie skep nie. Sonde is net regverdigheid verdraai. Julle weet wat ek bedoel. Wat is 'n leuen? Dis die waarheid wanvoorgestel. Sien? Wat is 'n egbreuk? Die regte wettige handeling verdraai. Alles in sonde, sonde is net die Waarheid verdraai. Nou, hy kon nie skep nie.

50 Maar toe Christus gekom het, het Hy bewys Hy was die Skepper. Daar was die Bloed wat belowe is. Nou as julle dit wil lees, julle … Laat ons net 'n oomblik daarheen blaai. Ons gaan die tyd hiervoor gebruik, in elk geval, vanaand. Ek …

Dit maak my senuweeagtig. Ek dink almal wil huis toe gaan, julle weet. En so dis 'n … [Gemeente sê: "Nee." — Red.] Nou laat ons Handelinge 2 kry. Dankie. En ons sal net …

Handelinge 2, en ons sal uitvind of dit reg is, of nie, of Hy bewys is dat Hy God was. Goed. Kry Handelinge 2. Nou laat ons hier kyk by die 22ste vers, Petrus wat praat, die Dag van Pinkster.

> *Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Násarener, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet-*

51 "'n Man wat goedgekeur is, dat dit God was tussen julle," Deur die einste dinge wat Hy gedoen het, het Hy bewys dat Hy was. Hier is Petrus, wat by die Sanhedrin staan en hulle vertel.

Nikodémus het dieselfde geweet. Hy het gesê: "Rabbi, ons weet almal dat U 'n leraar is wat van God kom, want geen mens kan hierdie dinge doen tensy Hy van God kom nie." Sien? Hulle het dit geweet. Maar waarom?

52 Nou kyk. Nou, Eva is dit belowe. Maar toe … Daardie bruid het gekom, en geweier, toe die ware Woord na haar gekom het. So, die vrou het geweier om te herken; die Hebreeuse bruid. Want, sy was die bruid van—van God; Hy het haar weggesit, in egskeiding. Is dit reg? Sy was die bruid van God.

Jy sê: "Wel, hulle was nog nooit getroud nie." Dis reg. Maar Josef het Maria weggesit voor … Wou Maria wegsit voor hulle getroud was. Sien? Hy was verloof aan haar.

En toe Hy gekom het, en die Woord wat Hy belowe het, gekom het vir die troue, het Hy haar gedraai gevind in haar plaasvervangers, so erg, dat sy nie die ware belofte wou neem wat gemaak is nie, die Woord, Christus.

53 Miskien begryp jy dit nie. Nou laat ek weer daaroor gaan. Ek wil hê julle moet dit begryp, sien.

Sy is belowe, (die bruid, Eva), om 'n Verlosser te wees. Haar Verlosser sou die Woord wees. En toe die Woord gekom het, vlees geword het, het sy Dit verwerp. Sy is plaasvervangers gegee. Hou nou dit: "plaasvervanger." Plaasvervangers gegee om mee aan te gaan, totdat die Verlosser kom. En toe die Verlosser gekom het, wou sy voortgaan met haar plaasvervanger, en het die ware Woord verwerp. Sien julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] En dit was die Hebreeuse bruid.

So het Hy, met die tweede Eva, bruid, die moeder van alle geestelike lewe. Sien? *Eva* beteken "die moeder van almal," dis gees- … "alles wat lewe." *Eva*, "moeder van alles wat lewe."

54 Nou, en toe Hy by die Hebreeuse bruid gekom het, sy was die moeder van almal wat gelewe het, maar sy het Dit verwerp.

Natuurlike Eva het geval, in Eden, deur te luister na Satan se redenasie teen God se Woord. Dis hoe sy geval het. Goed, meneer. Sy het geval omdat sy dit gedoen het.

Geestelike Eva, nou, dis die kerk, Christus se bruid. Sy het geval, nie in Eden nie, maar in Rome, sien, by die Nicaea Raad, toe sy verwerp het, daardie Pinksterkerk, wat afgegaan het na Nicaea, en geluister het na Romeinse redenasie, in plaas van om vas te hou aan die Woord, sy het geval. En alles weg van haar, het saam met haar gesterf, om haar. Nou, net soos natuurlike Eva geval het, het geestelike Eva geval. God se bruid het geval—geval in die tuin; Christus se Bruid het in Rome geval. Sien?

55 Let op, deur dieselfde redenasie, teen God se Woord, het sy ook haar regte van reinheid verloor, aan Satan. Wat, ons gevind het met die oopmaak van hierdie Seëls, dat dit Satan was, en is steeds Satan daar. Die Bybel het gesê dis die einste setel van Satan. En soos Eva haar—haar rein regte verbeur het, en hulle oorgegee het aan Satan, in die tuin van Eden; die kerk, die bruid van Christus, het dieselfde ding in Rome gedoen, toe hulle die Bybel verbeur het vir hulle dogmas en redenasies. Sien hoe dit tipeer? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

Gaan net deur daardie tipes, jy behoort reg uit te kom. As my hand lyk soos … As ek myself nog nooit gesien het nie, en ek sien my skaduwee, sal ek omtrent weet hoe ek lyk. Sien? Maar, dis die manier. As jy wil sien wat kom, kyk wat was. "Want die … al die ou dinge was skaduwees van dinge wat sou kom," het die Bybel gesê. Goed.

Want, sy het haar rein Woord verloor, die Woord van God, toe sy die Bybel verkoop, en 'n man daarin gesit het wat sê dat die kerk die reg het om enigiets te verander wat hulle wil. En hulle het dit gedoen. En die bruid van Christus, die pinksterbruid, het haar reinheid verkoop, by Nicaea, net soos Eva haar reinheid aan Satan in die tuin van Eden verkoop het. Presies. Goed.

56 God het belowe; dat hierdie kerk, hierdie pinksterkerk, in die wete dat sy dit sou doen; soos Hy aan Eva gedoen het, God het belowe.

Die Pinksterkerk, glo julle dat sy haar geboortereg verkoop het, voor … haar reinheid, toe sy daar weg is? Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Sy, sekerlik, sy het. Dan watter nut is 'n leerstelling, wat nie gebaseer is op hierdie Bybel nie? Ek wil hê iemand moet kry wat genoem word die Apostoliese Geloofsbelydenis, of selfs een woord daarvan in die Bybel. Dis 'n Katolieke leerstelling, nie apostels se leerstelling nie.

Lees Handelinge 2:38, dis apostels se Leerstelling, as Hy enige het. Ja. Sien? Nou, dis wat hulle die heeltyd gebruik het, in elk geval. So as jy … Sien?

57 So, hulle het hulle geboortereg uitverkoop. Nie net dit nie, Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Pinksters, die res van hulle, het dieselfde gedoen. Sy het 'n denominasie gevorm. Rome, wat haar dit laat doen het, sy het 'n denominasie gevorm en die mens aan die hoof daarvan gestel. En die Metodiste, Baptiste, Pinksters en elkeen, het dieselfde ding gedoen, het 'n groep manne aan die hoof daarvan gestel. Maak nie saak wat God sê nie, hulle … Jy moet dit doen soos hulle sê jy moet dit doen.

Wel, wat is dit? Dis niks in die wêreld behalwe geestelike prostitusie nie, die verkeerde tipe vrou; ja, meneer, leerstellings, leuenagtige geloofsbelydenisse, mensgemaak. Toe het sy geword, toe sy dit gedoen het … Nou sal ek dit bewys. Sy het 'n hoer geword, vir God. Glo jy die Bybel sê dit? Ja, meneer. Haar dogters het dieselfde gedoen.

58 Nou in Openbaring 17, as julle dit wil neerskryf. Johannes was in die Gees geneem: "En hy het 'n groot hoer sien sit op …" En ons het dit gisteraand gelees. En daar was die sewe heuwels, en presies wat sy gedoen het. En sy het die wêreld haar vuil hoerery gegee. Is dit reg? "En al die konings van die aarde het met haar gehoereer," bedrieg, en steel, en lieg, en betaal vir berou, en—en novenas (gebed), en al die ander dinge.

Wel, nou onthou, sy het dogters gehad. Wel, as sy 'n liggaam geword het, en onder 'n organisatoriese stelsel, dan is die hele stelsel verkeerd. En as Eva, deur ongehoorsaamheid aan God, alles in die dood gewerp het, was dit onder haar; en elke kerk wat organiseer, gooi alles in dood, onder dit. Presies. Die hele ding is weg. Dis presies volgens die Woord hier. Lees Openbaring 17. En die Bybel het gesê dat Hy "haar met vuur sal verbrand, en al haar kinders saam met haar." Dis reg. Dit beteken, elke organisasie stelsel sal brand, saam met die hoer.

59 Nou, dit klink plat, en ek—ek weet julle sal daarvan hoor, en ek—ek wil daarvan hoor. En ek—ek … Dis reg, egter. Die Bybel het so gesê, so dit maak dit reg.

Sy het 'n "hoer" geword. Julle kan dit lees in Openbaring, die 17de hoofstuk. Sy, wat het sy gedoen? Sy het ontug gepleeg, teen haar eie Man. "Wel," sê jy: "nee, dis die Bybel." Die Woord is God. En as jy een ding vat …

Wil jy hê jou vrou moet 'n ander man soen? As sy dit nog nooit gedoen het nie, sal jy nie wil hê sy moet dit doen nie. Sy sou haar ontrouheid bewys.

"Wie ookal een Woord Daarvan wegneem, of een Daarby voeg." Halleluja! Christus wil Sy Vrou rein met die Woord hê. [Broer Branham klop vier keer op die preekstoel — Red.] Dis hoe Sy moet wees.

60 Want, niks, nie een greintjie, of enigiets, of wat ookal, sal weggaan van daardie wet, of van daardie Boek gaan nie, totdat Dit alles vervul is. Jesus het gesê: "Beide hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit vergaan nie."

Moenie enige private interpretasie Daarin sit nie. Hy wil 'n rein, onvervalste, nie eens 'n geflankeerdery hê nie. Ek sou nie wou hê my vrou moet met 'n ander man flankeer nie. En wanneer jy gaan luister na enige soort van redes, buite Dit, luister jy, flankeer jy met Satan. Amen! Laat dit jou nie godsdienstig voel nie? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] God wil hê jy moet suiwer bly. Bly net daar by daardie Woord. Bly reg met Dit. Goed.

61 God het aan haar belowe, soos Hy aan Eva in die tuin van Eden gedoen het, aan hierdie laaste Eva hier. Want, die pinksterkerk, die begin van die kerk, die kerk self, is die moeder van al die lewende mense, want, solank hulle daar ingaan. Maar, julle sien, wanneer hulle haar sondes opneem, sterf hulle saam met haar.

Hier kom 'n kêreltjie aan. Hy sê: "Ek—ek wil God dien."

Hulle sê: "Wel, dit is wat jy doen. Gaan daarheen en bekeer jou."

"Goed, ek sal dit doen. Glorie aan God!" Gaan daarheen, bekeer jou.

"Nou kom sluit by ons aan." Daar, daar het jy dit. Uh-huh. Sien? Dit het dit gekry. Huh! Dis reg, het reg saam met dit gesterf. Sien? Sien? Dis net … Dis wat hierdie Boek leer, sien, nie wat ek sê nie. Want, Dit sê Hier, so. Goed.

62 Nou, God het haar belowe, soos Hy vir Eva het. Hy het vir Eva gesê daar sou 'n tyd kom dat die—die Woord weer na haar sou terugkom. Nou onthou julle dit? Wat sy verloor het, dit sou herstel word. Want, daar's net een Ding wat kan herstel, en dis die Woord. Presies.

Ek het gesê, skiet 'n geweer; as jy nie die teiken tref nie, vind waar dit weg beweeg het. Jy moet daarheen terugkom en weer begin. Sien?

En as jy teruggaan, gaan jy na Nicaea. Dis waar jy weer begin, sien. Gaan terug, weg van daardie

organisasies af, weg van al daardie kerk af. Ons begin hierdie Seëls net perfek sien.

Ek het altyd gewonder, my hele lewe, waarom ek so teen organisasie stelsels is. Nie die mense nie, nee. Die mense is net soos ek of jy, of enigiemand anders. Maar daardie stelsel, daardie denominasionele stelsel, nou sien ek dit reg hier. Ek het dit tot nou toe nooit geweet nie. En dis reg.

63 God het die geestelike Eva belowe, dieselfde as wat Hy die natuurlike Eva het, dat die Woord weer aan haar herstel sou word. In die laaste dae sou Hy die Kerk weer herstel, na die oorspronklike Woord.

Nou hou baie mooi dop. Ek—ek wil hê julle moet nou seker wees. God het Eva belowe, die tyd sou kom wanneer die Woord herstel sou word deur haar Saad. Hierdie Woord, Self, sou Saad word. En toe hulle haar 'n plaasvervanger gegee het, het sy daardie plaasvervanger gehou. En toe die Woord na haar gekom het, wat het sy gedoen? "Ek wil Dit nie hê nie." Dit was te nederig. Het nie reg gelyk, vir haar nie. Was nie genoeg gepoleer nie. 'n Stal? O, goeiste! Goeiste! Iemand soos dit, nie 'n dag in die skool nie? Wel, ek kan Dit nie aanvaar nie. Dis geen Messias nie. Iemand wat Hom so laat rondskop, en Dit dan 'Messias' noem? Laat hulle 'n lap om Sy gesig sit, slaan Hom dan op die kop? En Hy het Homself 'n Profeet genoem, 'n ware Profeet, opgestaan?"

Eintlik het hulle nie profete geken nie. Jesus het so gesê. Hy het gesê: "As julle die profete geken het, sou julle My geken het." Dis reg.

64 Nou let op. Maar toe die Woord na haar gekom het, die manier, net presies soos God gesê het Dit sou kom; sy het Dit op 'n ander manier uitgedink gehad. Ek praat van die bruid, die Joodse bruid, die Hebreeuse bruid. Dit was Eva, om mee te begin. Maar toe Dit hier uitgekom het, wou sy Dit nie hê nie. Sy wou by haar plaasvervangers bly.

Nou, God het geestelike Eva belowe, by Pinkster, dit vertel selfs voor dit gebeur het, vierhonderd jaar voor die kerk ooit geval het, dat hulle sou wegval, en hulle sou doen wat hulle gedoen het. Maar, Hy het belowe, in die laaste dae sou Hy die Woord weer stuur.

65 Jesus het dieselfde ding gespreek toe Hy op aarde was; Hy sou Dit weer stuur. En wat is … Wat sal Dit vind? Dit sal dieselfde ding vind wat Dit gevind het toe Dit eerste gekom het. Reg. Hulle het … Hulle, hulle wil hulle plaasvervangers hê. Hulle wil hulle denominasie hê. Hulle wil hulle leerstellings hê. Hulle wil lewe net soos hulle wil. En hulle wil hê: "Wel, ek's *So-en-so*. Ek behoort aan *So-en-so*." Maak nie enige verskil wat God doen, hoeveel Hy Homself manifesteer nie; Hy kon die dooies opwek; Hy kon die geheime van die harte vertel; Hy kon alles doen wat die Bybel gesê het Hy sou doen. Dit maak geen verskil nie. "As dit nie verbind is met my organisasie nie, is daar niks Daaraan nie." Sien?

Dieselfde ding wat die Hebreeuse bruid gedoen het, dis reg, sien, hulle het geluister na hulle plaasvervanger. En God het hulle die ware belowe. En toe die ware gekom het, wou hulle Dit nie hê nie. Dit was te nederig.

66 Nou dis dieselfde ding vandag, wanneer—wanneer Dit op die toneel verskyn. Nou, God het gesê, in Maleági 4, dat Hy die Boodskap sou stuur in die laaste dae, wat sou herstel. Joël het gesê: "Ek sal al die jare herstel." Alles wat Rome opgevreet het, en alles wat die Metodiste opgevreet het, en alles wat die Baptiste opgevreet het, van daardie oorspronklike pinkstertak af, God het gesê: "Ek sal herstel in die laaste dag." Dis reg.

En Hy kan vir ons so 'n persoon stuur wat sal wees … Die enigste ding wat God ooit Sy Woord na gestuur het, was 'n profeet, nie aan hervormers nie; aan profete. Dit was nie die uur daarvoor nie. Nou word dit die uur, en dit is die rede waarom ons kyk vir dit om te kom. Dit sal so nederig en sag wees! En so … O, goeiste!

67 Dink julle daardie aristokratiese Metodiste, Baptiste, en Presbiteriane, Pinksters, sal dit ooit ontvang?

"O," sê julle: "Pinksters?"

Die Pinksters is die Laodicense. "Ryk, en het niks nodig nie."

Dit het gesê: "Julle weet nie dat julle arm is nie." Mag dalk miljoene dollars se geboue bou, maar julle is steeds arm, geestelik arm.

"O," sê jy: "Ek sien Dit alles."

"Jy's blind!"

"Wel," sê jy: "seën God, ek is bedek."

"Nakend!"

"Wel, ek is seker van ons seuns. Ons het teologieseskole. Ons …"

"En weet dit nie." Nou dis net omgekeerd. Nou, as die Bybel gesê het dat die Laodicése Kerk in daardie toestand sou wees …

En daar's geen persoon op aarde wat kan ontken dat dit nie die laaste eeu is nie, want, die Laodicése Kerk Tydperk, of, die sewende kerk tydperk. En, hier is ons, die tweede tweeduisend jaar maak klaar. Daar is nie meer kerk tydperke nie. Dis die rede waarom julle Latter Rain broers nie 'n ander organisasie kon begin nie. Daar gaan nie meer wees nie. Dis reg. Dis aan die einde. Amen. Kan nie meer kerk tydperke wees nie. Dis alles verby.

68 Maar dan as die pinksterboodskap die laaste boodskap was … Waar, regverdigmaking, heiligmaking, die doop van die Heilige Gees, die laaste drie boodskappe, die laaste drie kerk tydperke vorm die volledige Geboorte.

Net soos wanneer 'n vrou haar baba gaan hê; die werklike eerste ding wat gebeur is water, die volgende ding is bloed, die volgende ding is lewe.

Toe hulle Jesus doodgemaak het op die kruis, het die stof uit Sy liggaam gekom, om die nuwe op te maak … om die—die Geboorte op te maak. Hulle het Sy sy getref, Bloed en water het uitgekom, en: "In U hande gee Ek My Gees oor." Wat van Sy liggaam gekom het, was water, Bloed, Gees.

69 Nou, Een Johannes 5:7 vertel julle daarvan: "Daar is drie wat getuig in die Hemel, die Vader, die Woord (wat Christus is,) en die Heilige Gees." En hierdie drie stem saam in een; hulle is nie een nie, maar hulle stem saam in een. En daar is drie wat getuig … Of: "Hulle is een," bedoel ek. Ek's verkeerd daar. "En die drie wat getuig op die aarde, is die water, Bloed, en Gees, en hulle stem saam in een."

Jy kan geheilig word sonder om geregverdig te wees. En jy kan geregverdig word sonder om geheilig te wees. Jy kan geheilig word sonder om die Heilige Gees te ontvang. Dis presies.

Die dissipels, in Johannes 17:17, is geheilig en mag gegee om duiwels uit te dryf, maar het steeds nie die Heilige Gees gehad nie. Sien? Sekerlik. Moes opgaan na Pinkster, en wag tot die Heilige Gees kom.

Dis waar Judas sy kleure gewys het. Sien hoe daardie gees sy weg deur regverdigmaking, heiligmaking gewerk het? Maar toe dit by die einde kom, het hy sy kleure gewys. Sien? Dis reg.

70 Nou let op, nou, en hier is ons by die endtyd. En geestelike Eva, net so nat- … soos Hebreeuse Eva belowe is, is die Hebreeuse bruid belowe die Woord sou terugkeer. En die geestelike bruid van Pinkster, toe sy by Nicaea geval het, toe is sy belowe in die laaste dae dat die Woord weer sal kom. Nou sê julle, dan …

Julle wil nog 'n Skrif hê, gaan hier oor, Openbaring 10. En gesê: "In die uur, die tyd van die—die laaste engel, wanneer die sewende engel (sewende boodskapper) begin weerklink, is die verborgenheid van God volbring." Sien? Die herstel terug na die Woord! Die Bybel het gesê dat hierdie boodskapper van die laaste dae sou wees: "Herstel hulle weer terug na die oorspronklike Geloof, terug na die Geloof van die vaders." Maar dink julle hulle ontvang Dit? Nee, meneer. "Laaste dae, sou Hy die oorspronklike Woord weer herstel," soos Hy in Maleági 4 gesê het.

Maar sy het verbeur. Nou, sy het daardie Woord by Nicaea verbeur. Eva het in Eden verbeur; Eva het hare op Golgota verwerp. En Nicaea se groep verwerp Dit in die laaste dae, net dieselfde. Goeiste!

Maar toe die Woord in menslike vlees gekom het, het sy, Eva, die Hebreeuse kerk, moeder van alle geestelike lewe, het Dit, sy het Dit verwerp. Sy was so dood, in haar tradisies en dogmas, dat sy Dit gemis het. So is hierdie een, presies. Goed.

71 Hulle mis Hom, die lewende Woord gemanifesteer in die vlees, deur die Woord wat belowe is. Die Woord het belowe om hierdie dinge te doen. Die belofte is gemaak, dat dit so sal wees in die laaste dae. "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees met die Koms van die Seun van die mens." Nou kyk wat in Sodom gebeur het. "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Sien? Kyk wat het toe gebeur. Sien? Nou, Hy het gesê dit sou dieselfde ding wees, en ons lewe in daardie dag. Wel, en dit kan wees, skat ek, ek kan seshonderd beloftes van hulle kry soos dit, uit die Skrif, wat daarna verwys. Sien? Nou, maar, hulle verwerp Dit.

Sy het vasgehou aan tradisies en plaasvervanger, in plaas van die—die … Sy het vasgehou aan die plaasvervangende bloed, in plaas van die ware Bloed. Jesus, die Woord, het gesê, toe Dit aan haar gemanifesteer is: "Omdat sy vasgehou het aan hierdie tradisies …" Jesus, die gemanifesteerde Woord, het vir die bruid gesê, Hebreeuse bruid: "Omdat jy vashou aan jou tradisies, maak jy die Woord van God sonder enige effek vir jou. Dit kan nie effektief wees nie."

72 Nou dis wat die rede vandag is, dat, die—die herlewings wat ons veronderstel is om te hê, ons het denominasionele herlewings. Ons het nog nie 'n ware roering gehad nie. Nee, nee, nee. Nee, meneer. Moenie dink ons het herlewings nie. Ons het nie. O, hulle het miljoene en miljoene en miljoene

kerklidmate, maar nie 'n herlewing nêrens nie. Nee. Nee.

Die—die Bruid het nog nie 'n herlewing gehad nie. Sien? Daar was geen herlewing daar nie, nog geen manifestasie van God om die Bruid te roer nie. Sien? Ons soek nou daarna. Dit sal daardie sewe onbekende Donderslae daaragter vat, om Haar weer wakker te maak, sien. Ja. Hy sal dit stuur. Hy het dit belowe. Nou kyk.

73 Nou, sy was—sy was dood. En nou as die kerke hulle leerstellings sal vergeet, en hulle dogmas sal vergeet, en net die Bybel neem, die belofte pleit, dan sal dit effektief vir hulle wees. Maar, sien, Jesus het gesê: "Julle, met julle tradisies, maak die Woord van God van geen effek vir julle nie." Wel, dis dieselfde ding vandag met geestelike Eva, sien, die geestelike bruid van vandag, sogenaamd, die kerk. Sy neem die Woord van God, en sy wil Dit nie aanvaar nie. En sy aanvaar dogmas, in plaas daarvan. Daarom, die Woord is nie effektief vir haar nie, sien, omdat sy probeer om haar leerstellings in die Woord te sit, en dit sal nie werk nie. Nou, wat ons vandag nodig het …

74 Ek hou aan om dit hier te lees, *Herald of His Coming*, die opskrifte: "Ons het 'n profeet nodig om terug te keer! Ons het 'n profeet nodig om terug te keer!" En ek skat, wanneer hy wel terugkeer, sal hulle niks daarvan weet nie. Net … Dis reg. Dit was altyd so, julle sien. "Ons het dit nodig," alles waarvan jy praat: "ons het 'n profeet nodig om terug te kom, wat die Woord van die Here sal bring, vreesloos. Ons glo die Bybel het dit belowe."

Nou, ek weet Broer—Broer Moore en hulle, ek eet in sy huis, en alles anders, die redakteur. En hy's die beste man wat—wat in skoenleer loop, skat ek, een van die beste mense. Maar, sien, hy weet dat ons dit moet hê. En Suster Moore, een van die beste vroue, klein … arme mensie, en hulle offer op.

En dis een van die beste koerante op die veld, na my mening, is *The Herald of His Coming*. Maar jy vind uit, hulle hou aan om te skryf: "Ons het 'n profeet nodig! Ons het 'n profeet nodig!" Sien? Goeiste! Dis wat hulle van praat.

75 En nou hier is ons, vandag, en soos gister en vandag, kondig aan op die radio, dat … en die Baptiste kerke ensovoorts, dat: "Ons moet nie saam met die Katolieke gaan nie, maar ons moet soort van broederskap met hulle he." Sien?

En net hier, die Boodskap wat net nou hier uitgaan, is: "Bly weg van daardie giftige ding!" Sien? Sien? "Hoe kan twee saamloop tensy hulle saamstem?" Lig en donker kan nie vriendskap hou nie. Wanneer Lig inkom, gaan donker uit. Sien? Dit kan nie … Die magtigste! Jy kan nie Lig uitdoof, met donker nie. Maar jy kan donker uitdoof, met Lig. Dis reg. En Hy is die Lig, en Hy is die Woord. Sien? Nou, daar het julle dit, reguit terug. Jy kan Dit nie laat lieg of enigiets verkeerd doen nie. Dit kom weer reguit terug na die plek. Ja, meneer.

76 Net soos 'n mens begin, probeer met jou stry; as jy weet waar om te staan, weet wat hy glo.

Dis net soos om 'n haas te neem en hom in 'n hok los te laat, en jy het elke gat toe gestop. Staan net by die hek; hy moet terugkom. Dis al wat daaraan is. Sien? Hy sal weer terug na die hek toe moet kom, want dis die enigste manier wat hy kan uitkom. Hy sal sy kop hier deursteek, en amper sy nek breek; en gaan *daarheen*, *daarnatoe*. Staan net en hou hom dop, en hy sal reguit terugkom. Sien? Dis al.

Dis die enigste manier om te doen. Bly by daardie Woord. Jy kan oral rondblaas, met jou leerstellings, net jou nek oral breek, maar jy moet reg terugkom na hierdie Woord. Sien? Ja, meneer. Dis alles Daarvan.

77 Nou, sien, hulle—hulle—hulle—hulle wil Dit nie hê nie. Hulle wil nie God se Woord hê nie. Omdat sy by haar tradisies gehou het, het sy die Woord van God van geen effek gemaak.

Dieselfde nou, met geestelike Eva. Sy wil nie … Sy wil haar tradisies hou, en wegkom van die Woord van God. Sy hou weer vas aan die denominasies, en hulle leerstellings en tradisies van haar ouderlinge, in plaas van om die Woord van God te neem.

En wanneer die belofte van die Woord, in die laaste dae, voor haar gebring word, sal sy Dit nie ontvang nie, want, met haar tradisies, net soos die Hebreeuse bruid het. Die ware Woord, hoewel gemanifesteer, bewys, bevestig, sy wil Dit nie hê nie. Hoekom wil sy nie? Want dit is haar tipe. Sy kan dit nie doen nie. Dis reg. Sy kan nie haar tipe klop nie. Sien? En dit is voorspel dat sy dit sou doen, so hoe gaan jy van enigiets wegbly?

Nou die enigste ding om te doen is net om bly te wees jy is in. Dis al. Wag daarvoor. Goed.

78 God het belowe, in die laaste dae, dat Hy sou manifesteer en Sy Woord aan haar sou bevestig, en steeds sal sy dit nie doen nie. Dit alles, het God haar belowe, deur Sy dienaars, die profete. God het belowe, deur Jesus Christus. God het belowe, deur Joël. God het belowe, deur Paulus. God het belowe, deur Maleági. Johannes … God het belowe, deur Johannes die openbaarder, al daardie profete, net

presies wat die laaste Boodskap vir haar sou wees. Nou, as julle hulle wil neerskryf; Natuurlik, julle almal ken hulle: Jesus, Johannes 14:12; en Joël, Joël 2:38; Paulus, Twee Timótheüs 3; Maleági, 4de hoofstuk; en Johannes die openbaarder, Openbaring 10, sewentien, een tot sewentien. Sien, presies wat nou sal plaasvind! En, vir die kerk, wat is Dit? Die geïnkarneerde Woord word weer vlees gemaak onder Sy mense! Sien? En hulle glo Dit net nie.

79 Weet julle wat Jesus gesê het toe Hy gesien het Hy … toe Hy daardie wonderwerke voor hulle gedoen het, en bewys het dat Hy God was? Het dit bewys, wat Hy gedoen het. Hy was. Hy het presies gedoen. Hy—Hy het vir hulle gesê, Hy het gesê: "O, jy, Kapérnáüm, wat verhoog is in die hemel, as die werke … magtige werke in Sodom gedoen was, wat in jou gedoen is, sou dit vandag gestaan het." Dis reg. En in Kapérnaüm, het Hy nooit iets gedoen behalwe om 'n paar mense te genees nie, en hulle die geheime van hulle harte vertel, en uitgeloop. Uh-huh. Dis al. Sien?

Hulle weet nie wat magtige werke is nie. Hulle dink dit moet 'n yslike groot program wees waar almal opstaan, en die regter maak 'n toespraak, en—en die orkes speel, en die kleure wapper, en die—en die goedgeklede vroue, en hulle … en vertoef, en al die Ph.D., LL.D's, en die groot, hoe hoede, en omgedraaide krae, en alles, hulle moet almal instap. "Dis iets groots."

God sê: "Dis dwaas."

80 En Hy bring 'n ietsie na vore wat nie weet watter verskil tussen miskien ABC's nie, skaars, en voer iets uit wat net die ware Kerk aan die brand steek. En die res van hulle sê: "'n Klomp heilige maltrappe." God noem *Dit* "groot," en die wêreld noem Dit "dwaas." Die wêreld noem *dit* "groot," en God noem dit "dwaas." Sien, net omgekeerd. Sien? En die ding wat God belowe het, sal en het God gedoen. Sien? Hier is ons.

81 Nou, steeds, sy bly soos sy het, die Hebreeuse Eva. Sy wou dit net nie doen nie. Jy kan die dooies opwek; jy kan die Gees van God sien. Jesus het neergedaal, Homself bevestig om die Seun van God te wees. Eerstens, het Hy begin preek. Wel, hulle het gedink: "Wel, soort van 'n snaakse Kêrel. Wie is Hy, in elk geval?" Wel, voor jy weet, begin mense sê …

Natuurlik, hulle het voorheen gesê, toe Sy voorloper verskyn het, Johannes, het hulle gesê: "Is jy die Messias?"

Hy het gesê: "Nee. Maar Hy staan êrens tussen julle." Uh-huh. Sien? Hoekom? Hy het geweet, sodra sy boodskap plaasvind, wat hy moes doen. Hy het geweet wat hy gaan doen.

82 Net soos Noag na Henog bly kyk het. Toe Henog gegaan het, het Noag gesê: "Beter naby die ark bly. Die tyd is op hande." Noag het Henog bly dophou. Sien?

En Johannes het gekyk vir die teken wat Jesus vir hom gesê het, of God vir hom gesê het, om voor te kyk. Hy het gesê: "Hy staan nou hier, iewers tussen julle. Ek ken Hom nie, maar ek sal Hom ken."

Toe hulle daar gestaan het, het hulle gesê: "Is jy nie die Messias nie?" Gesê: "Ons is van die hoofkwartier gestuur." Uh-huh. Gesê: "Die ouderlinge, en almal, het ons hiernatoe gestuur. As jy die Messias is, waarom kom jy nie op en maak jouself bekend daarbo nie, nie hieronder by hierdie klomp goed hieronder nie! Kom daarheen en maak jouself bekend."

Hy het gesê: "Ek is nie die Messias nie." Hy het gesê: "Ek is die stem van een wat roep in die wildernis."

Dit het so ver oor hulle kop gegaan as wat dit kon gaan. Hulle het niks daarvan geweet nie, sien, en tog het hulle almal uitgekyk vir hom om te kom. "Maar dit kan nie so 'n mens wees nie. O, goeiste, dit sal verskriklik wees!"

"Van watter skool is jy?"

"Geen."

"Het jy jou lidmaatskap kaart?"

"Wat is dit?" *Sien?*

83 Hy was gesalf deur God. Hy het gesê: "Daar's een ding wat ek het. Die byl word gelê teen die wortel van die boom." Nou, dis al wat hy—dis al wat hy gehad het. Hy het gepraat in terme van 'n bosman, nie in terme van 'n geestelike nie; adders, en byle, en bome, ensovoorts. Hy—hy het nie in kerklike terme gepraat nie.

Maar Jesus het gesê daar was nooit 'n profeet soos hy nie. "Nooit 'n man gebore uit 'n vrou, soos hy, tot sy dag nie." Dis reg. "Hy was meer as 'n profeet." Hy was die boodskapper van die Verbond, het reg tussen die—die twee dispensasies gestaan, wat inkom. Sien? "Meer as 'n profeet."

En so toe—toe het hulle hom nie geken nie. Hulle het hom nie verstaan nie. Hy was soort van 'n snaakse soort van persoon, so hulle het hom laat gaan, sien.

84 Toe Jesus sy opwagtig gemaak het, toe, en sou sekerlik nie Hom aanvaar nie, hierdie skrynwerker se seun, daar was nie so iets nie, met 'n swart naam agter Hom, van "buite-egtelik." En, Hy, hulle sou nie 'n kêrel soos daardie sien nie.

Maar, maar kyk wat God gedoen het. Hy het die ongeleerde, arme, vissermanne, houtwerkers, boere, en hoere gevat, en het die hoogwaardigheidsbekleërs daar laat sit. Hoekom? Waarvoor? Waarom het Hy dit gedoen? Waarom het Hy so-iets gedoen? Kan julle julle voorstel? Omdat daardie mense Hom herken het as die Woord. Nou laat ons hulle net 'n oomblik dophou.

85 Hier is 'n ou onkundige visserman, kan nie sy naam skryf nie. Die Bybel het gesê hy was "onkundig en ongeleerd." Hy bring sy vis op en sit dit neer. Gaan soontoe en kyk waaroor al hierdie geraas gaan. Maar ver diep in hom, het hy geweet dat die Bybel gesê het dat die Messias … Al die Hebreërs het na die Messias gesoek, want daar sou 'n Skriftuurlike ding gebeur wanneer Hy kom.

86 Daar was 'n klomp messiasse, wat opgestaan en gesê het: "Ek is Hy," en hulle weggelei, by die honderde, en—en het vergaan en alles. Maar, sien, dit was om die aandag van die ware Een af te trek wanneer Dit kom.

Ons het Elía se mantels en jasse gehad, en elke ander ding, maar dit—dis—dis—dis net om die ware ding te verdoesel wanneer hy wel kom. Sien? Dis reg. Alle soorte mense wat die mantels en die klere gedra het, en begrawe was in allerhande soorte kappies omgedraai, en alles anders. Dit doen nie … Dit—dit bevestig dit net. Soos 'n vals dollar, wys daar's 'n ware een iewers, as jy dit net kan vind. Sien?

So hier kom Hy. Nou hierdie hoogwaardigheidsbekleërs het uitgekom, en hulle was so presies met hulle plaasvervanger! "Wel," het hulle gesê: "nou, as die Messias kom, sal Hy beslis na Kajafas kom. Hy sal na ons denominasie kom. Hy sal na die Fariseërs kom." Die Sadduseërs: "Dis wat julle dink! Hy sal na die Sadduseërs kom." En daar was hulle, sien, dieselfde ding wat hulle vandag het, nou.

87 Maar toe Hy gekom het, was dit vreemd. Hy sal kom, o, baie teenstrydig met wat hulle gedink het, maar Hy kom volgens die Woord. En hulle het nie die Woord geken nie.

Laat ek dit sê, werklik, sodat julle sal … dit diep sal sink. Ek wil hê julle moet dit kry. Dis wat die probleem is met julle vandag, sien, julle ken nie die Woord nie! Sien?

Jesus het gesê: "Julle kan die ruimte onderskei, maar die tekens van tyd kan julle nie onderskei nie."

Gesê: "Ons het Moses."

So, gesê: "As julle Moses geken het, sou julle My geken het." Het Moses nie geken nie, en daarom het hulle nie geweet nie. Hulle ken net 'n leerstelling wat hulle uitgebroei het.

88 Nou laat ons hierdie ou visserman vat. Sit sy mandjie neer. Vee sy grys baard plat, en loop af: "Ek glo ek sal sien Wie dit is."

Broer sê: "Komaan. Laat ons soontoe gaan." Gesê: "Dis daardie selfde Kêrel. Dis daardie Persoon wat hulle nou die dag gesê het … ek het gisteraand die heelnag by Hom gebly. Jy weet Johannes, die een waarvan ek met jou gepraat het?"

"Ja, daardie wilde man daaronder! Ja, ek het van hom gehoor." "Wel," ou Simon, jy weet, sê: "ek het van hom gehoor daaronder. Ja, was daaronder, twee of drie maande gelede, daar. Ja."

"Wel, hy het gesê … En eendag het hy daar gestaan, hy het 'n snaakse ding gesê. Hy het gesê: 'Julle weet, hier kom Hy nou net!' Hulle het gesê: 'Hoe weet jy?' Het daar oorkant gekyk; net 'n gewone Man wat daar staan. Hy het gesê: 'Ek sien die Gees van God, soos 'n duif, afkom. Ek hoor 'n Stem sê: "Dit is Hy. Dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon.'" Toe het hy reg in die water ingestap en Hom gedoop, ensovoorts. Wel, daar, hy het gesê hy ken Hom."

"O, ek weet nie," het Simon gesê. "Ek het dit alles gehoor, baiekeer." Maar hier kom hy op. Maar onder in sy hart was 'n voorbestemde saad. Sien? Jesus het so gesê. Reg. Loop op na Hom. Stap op. Gesê: "Ek sal afgaan na die byeenkoms en sien." Stap soontoe.

89 Jesus het daar gestaan, net 'n gewone Man. Opgestap. Hy het gesê: "Wel, jou naam is Simon. En jou vader se naam was Jonas." Dit het die wind uit sy seile gehaal. Hoekom? Daardie klein, Ewige Lewe saad is daar geraak. Ja, meneer.

Gesê: "Wag 'n oomblik! Hoe is dit? Jy het my nog nooit gesien nie. Nog het jy my pa geken, want hy al dood vir jare. Maar hier kom U, sê dit vir my? Nou, ek weet dat die Bybel sê …" Nou, dit gaan nie terug na wat die ouderling sê nie. "Maar die Bybel het gesê dat die Messias 'n profeet sou wees. Daar is Hy.

Dis Hy."

90 Eendag het Hy deur Samaria gegaan, daar deurgegaan met 'n klomp Jode. Hy het hulle gelos. En hierdie klein, slegte vrou het uitgekom, miskien 'n mooi dametjie, julle weet. En sy was op die straat gesit, as 'n kind. En sy het daar verby geloop. Miskien het sy aan iets gedink. Sy het opgeloop en die emmer neergesit. En sy het die slinger laat sak, julle weet, om die water te kry. En sy het 'n Man hoor sê: "Bring vir My water om te drink." Sy het omgekyk, en daar sit soort van 'n middeljarige Jood.

Sy het gesê: "Sê my, is U nie 'n Jood nie? Jy behoort dit nie te doen nie. Dis nie gebruiklik vir U om met my te praat nie. Ek is 'n Samaritaan."

Hy het gesê: "Maar as jy weet met Wie jy praat, sal jy bring … sal jy My vra vir iets om te drink."

Gesê: "Waar is Jou emmer?" Sien? "Waar is Jou tou?"

"Wel," het Hy gesê: "die water wat ek gee is Lewe."

"Die wat?" Sien? "Wel," het sy gesê: "wel, julle almal wil in Jerusalem aanbid. En ons vaders het aanbid …"

"O," het Hy gesê: "dis reg, maar," gesê: "ons Jode weet wat ons aanbid. Maar," sê: "jy weet, die tyd kom wanneer—wanneer mense nie in Jerusalem of op hierdie berg sal aanbid nie." Hy het gesê: "Hulle gaan—hulle gaan God aanbid in die Gees, want Hy is 'n Gees, Gees en Waarheid." Wel, sy het begin dink, julle weet.

En Hy het gesê: "Gaan haal jou man en kom hier." Sy het gesê: "My man?

Ek het geen man nie."

"Wel," gesê: "dis die waarheid." Gesê, gesê: "Jy het met vyf rondgegaan, en het nou die sesde een." En gesê: "Jy het vyf gehad. En—en, jy, jy weet. Jy het die waarheid vertel."

91 Kyk! Wat was dit? Daardie Lig het daardie saad getref. Dit het daar gelê, wat deur God gespreek is. Ja, meneer.

Die saad was op die aarde. Toe God die water weggevat, en die son dit getref het, het dit opgekom. Dis reg. Sien? Dis al wat dit nodig gehad het, was son. Het net lig nodig gehad. Ja, meneer.

En toe die Heilige Gees, in Hom, haar vorige lewe weggestoot, en dit vir haar gewys het, het daardie Lig dit getref. Sy het gesê: "Meneer, ek merk U is 'n Profeet." Sy het gesê: "Nou, ons weet, ek weet dit, dat wanneer Messias kom, is dit wat Hy gaan wees. En ons het nie 'n profeet gehad vir honderde jare nie. Ons het nooit 'n ware profeet gehad, vir honderde jare nie." En sy het gesê: "Hoe U my van my man vertel, en my vertel het hoeveel ek gehad het, ensovoorts. Wel," gesê: "ek verstaan dit nie." Gesê: "Wanneer Messias kom, wel, gaan Hy dit doen. Maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy."

Dit was dit. Sien? 'n Prostituut!

92 En die priesters het rondgekyk en gesê … Wel, hulle moet aan hulle gemeente antwoord gee. Gesê: "Moenie met daardie Kêrel deel nie. Hy's—Hy is deur 'n duiwel besete. Dis al." Nou, dis die verskil. Dis dieselfde ding vandag. Sien? Dieselfde ding vandag, is net presies. Ja. Ja, meneer.

Sy, sy het dit geweet, want die Lig het Dit getref. Hulle sê- … Daardie vissermanne, houtkappers, boere, tollenaars, hoere, hulle het in Hom gesien wat die eenvoudige Skrifte gesê het Hy sou doen. En die Fariseërs kon nie sien nie, vanweë hulle tradisie. [Broer Branham stop en wys op een of ander manier. Gemeente reageer bevestigend — Red.] Hulle kon nie sien nie, vanweë hulle tradisies. Maar die prostituut, die boere, en hulle almal, hulle het Dit gesien, almal wat voorbestem was. Toe die twyfel weggerol het, het die saad begin groei. Dis reg.

93 Wat het sy gedoen? Sy het gesê: "Wel, ek is bly ek het die Messias ontmoet"? O, nee, broer. Reguit na die stad het sy gegaan. Sy het vergeet van die water. Sy het gesê: "Kom, sien 'n Man Wie my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste ding wat die Skrif sê Messias gaan doen nie? Is dit nie presies dit nie?" En die mense kon daardie selfde ding sien.

Soos Jesus Christus gesê het, in Johannes 14:12, dit sal weer gebeur. Hy het dit ook gesê in Lukas, toe Hy gesê het: "Soos dit was in die dae van Noag." Hoe God Homself in 'n Man gemanifesteer het, en gesê het wie agter Hom was; en wat Sarah gedoen het, gelag in die tent. En al hierdie Skrifte, van Maleági, ensovoorts, voorspel in die laaste dae. Hebreërs 4 het gesê, wanneer "die Woord" terugkom. Maleági 4 het gesê Dit sou terugkeer deur 'n man. Hebreërs 4 het gesê: "Die Woord van God onderskei die gedagtes wat in die hart is."

En hulle kan sien dat dit gedoen word, en loop reguit weg van Dit. Hulle tradisies verberg dit en maak dit van geen effek. Wel, ons is net hier. Dis al. Uh-huh.

94 Julle weet, Hy kan dieselfde ding vandag doen. Hy sal reg op die toneel kom en dieselfde dinge produseer wat Hy toe gedoen het, soos Hy gesê het Hy sou. Sien? Hy het belowe om dit te doen. Hy het belowe om dit te doen. En as Hy dieselfde ding sal doen, is die Laodicea boodskapper veronderstel om dit te doen.

En dan as die Laodicése kerk sien dat dit gedoen word, sal hulle net presies doen soos die Hebreeuse kerk aan die begin gedoen het. Maak nie saak hoe goed Dit bevestig is nie, o, hulle sal dit doen, in elk geval. O, goeiste!

Nou, Dit sê dat dit sal. Ons sal terugkeer na die oorspronklike Woord, en sal gemanifesteer word soos beloof, om weer die Geloof te herstel, oorspronklike Geloof, weer. En as Hy Homself bekend gemaak het dat Hy tussen Sy mense woon, deur hierdie dinge te doen; kan Hy selfs Sy foto laat neem, om dit wetenskaplik te bewys. En steeds glo hulle dit nie. En bewys, laat die meganiese oog van die kamera Hom vang wat daar staan, daardie selfde Kolom van Vuur, dieselfde gister, vandag, en vir altyd, Hebreërs 13:8, om te wys dat dit—dis wetenskaplik, en elke ander manier, wetenskaplik in die geestelike sfere. Op elke manier wat dit bevestig kan word, is dit bevestig.

En, julle weet, hulle sal waarskynlik dieselfde ding doen. Hulle sal waarskynlik net wegstap en dieselfde ding doen as wat hulle gedoen het.

95 O, God help ons! O! Ons sal net hier stop. Maar, God help ons om nou te sien, dis my gebed, soos ons nou begin. Want, ek wil julle nie te laat hou nie. God help ons om te sien. Ek glo dat nou, met die Gees op ons, sal dit wees dat Hy ons sal help om te openbaar, om hierdie Seël oop te maak.

Laat ons lees. Soos ons die toestand sien waarin die kerk is, ons sien waar dit was, gesien wat hulle gedoen het, gesien waar dit veronderstel was om te wees, sien dit daar, en sien wat hulle veronderstel was om te doen. Hulle het net dit gedoen. Sien julle nou waar ons is? Julle oordeel. Ek kan nie oordeel nie. Ek is net verantwoordelik om hierdie Woord te bring. Net soos Dit vir my gegee is, kan ek Dit gee. Totdat Dit nie vir my gegee is nie, kan ek Dit nie gee nie; niemand anders kan nie.

> *En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand.*
>
> *En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.*

96 Nou, die Lam het die Boek in Sy hand, breek die Seëls. Hy het die eerste een gebreek, tweede een, en nou breek Hy die derde een. En soos Hy dit breek, die Lam breek dit, die Derde Seël, die derde Gedierte …

Nou hoeveel weet hoe die derde Gedierte gelyk het? Het soos 'n man gelyk. Die eerste een het soos 'n leeu gelyk; die ander een het gelyk soos 'n kalf, of 'n os; en die derde een het gelyk soos 'n man, soos 'n man. En hy het die—die lewende Wese gehoor, die—die Gedierte. Lewende Wese, soos 'n man, het vir Johannes gesê: "Kom, kyk wat Dit is, hierdie verborgenheid wat verberg is." Reg deur die jare van verlossing, sedert die grondlegging van die wêreld, is Dit verberg onder hierdie Seël, wat gaan gebeur. Nou: "Kom, kyk wat Dit is."

En so maak Hy Dit oop. 'n Donderslag slaan, en die Lam maak die Seëls oop.

97 Nou, en Johannes het nadergestap, om te sien wat Dit was. Wat het hy gesien? Hy het 'n swart perd gesien. En sy ruiter het 'n weeg, of skaal, in sy hand gehad. Nou, dis die eerste ding wat hy gesien het. Toe die Lam Dit aangekondig, die Seël gebreek het, toe het die ander Gedierte … Sien, daardie Gediertes maak beurte, om aan te kondig: "Kom, kyk." En Johannes, waar hy gestaan het, miskien *so,* loop oor, toe die Lam oopmaak, en het nadergeloop. Gewoonlik …

Die donder tref, soos ons die Eerste Seël sien. En hy kyk om te sien wat plaasvind. En hy sien 'n man aankom, eerste, op 'n wit perd. Hy kyk hoe hy ry. En verder deur, sien Johannes hom reg tot die end. Hy sien hom afkom, sy wit perd, het 'n boog in sy hand, en die—die ruiter het, en hy het geen pyle nie. En die volgende ding wat hy sien, hy kry 'n kroon, en ry reguit aan.

98 Dan vind ons uit, dat, die Lam, kom weer verby, Hy maak nog een oop. En kyk. Nou hier kom 'n—'n rooi perd. Hierdie man het 'n swaard in sy hand. Hy ry reguit deur die Skrif, sien, met hierdie swaard in sy hand, en sou doodmaak en vrede van die aarde af wegneem.

Nou maak die Lam nog 'n Seël oop. Nog een van die lewende Wesens, soos 'n man, sê: "Kom, kyk." Nou loop hy nader, kyk wat dit is. En wanneer hy dit doen, kom daar 'n ruiter op 'n swart perd.

99 Nou, gisteraand, het ons uitgevind dat dieselfde ruiter wat die wit perd gery het was dieselfde een op die rooi een.

En die Stem het gesê, tussen die Gediertes, het uitgeroep, julle sien. Daar, om te sien wat dit was: Hy was in hierdie lewende Wesens. En hy het hierdie swart perd gesien.

> *En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor se: 'n Rantsoen koring vir 'n penning, en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.* (Sien?)

100 Hierdie ruiter, laat ons hom bespreek. As julle sal oplet die eerste ruiter, wie hy was. En ons het uitgevind, gisteraand, Skriftuurlik, dat die tweede ruiter presies dieselfde man was, net hy was op 'n ander perd. Wat het gebeur? Hy het sy bediening verander. Sien? Reg. Ons het uitgevind hy was 'n antichris, en hy het sy posisie verander.

Ons het uitgevind dat hy, eerste, net 'n wit perd was, hy het 'n doktriene geword. Nou, ons het elkeen van hierdie reg teruggeneem in die Skrifte. Sien?

101 Nou, kyk waar ons is, vanaand, die ander kerk tydperk nou. Sien? Ons kom af na die derde kerk tydperk nou. Sien? Net presies die derde kerk tydperk, is net presies soos die derde perd. Sien?

Nou, die eerste kerk tydperk, wat was dit? Die Nikolaïete het 'n doktriene gehad, sien, net die eerste een. Goed. En dan, voor ons weet, hierdie Nikolaïetiese doktriene, dit was goedgekeur en was reg, het tot aksie oorgegaan. En hulle het hierdie persoon gekroon. Toe, het hierdie gees, antichris, geïnkarneer in 'n mens. Sien? En ons vind uit, later, hy word 'n geïnkarneerde duiwel, ook; die demoon gaan weg, en die duiwel kom in.

102 En net soos daardie kerk daardie soort is, antichris kerk, vorder; so het die Bruid saam met verskillende dinge gekom: deur regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, en beweeg reguit aan, sien, net soos dit. Net, hulle het hulle herlewing eerste gevat, en die Kerk vat dit die laaste. Hulle eerste drie jaar … eerste drie stadiums van hulle wat deur die donker tydperk gegaan het; dan die derde, drie stadiums, kom die Kerk uit; van regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, in 'n geïnkarneerde God gemanifesteer onder ons. Hier kom hy in, as die antichris, as die vals profeet, dan die gedierte, dan in die donker tydperk. En die Kerk kom uit daardie donker tydperk; regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, geïnkarneerde Woord, die manier nou. En hy gaan af. Uh-huh. Sien julle dit? Hy gaan af. Die Kerk gaan op. Sien? Dis net so perfek as wat dit kan wees. O, dis pragtig. Ek lief dit net.

103 Hierdie ruiter is dieselfde een, maar 'n ander stadium van sy bediening.

Die eerste stadium, 'n wit perd, sien, hy was net 'n leraar, net 'n antichris leraar. Hy was teen die Woord van God.

En nou hoe kan jy 'n antichris wees? Enigeen wat ontken dat elke Woord hiervan nie waar is nie, en om net dieselfde geleer te word, is 'n antichris, want hulle ontken die—die—die—die—die Woord. En Hy is die Woord.

104 Nou, eerste stadium, wit perd, hy was net 'n leraar, maar 'n antichris gees in sy doktrine en sy kwaliteit. Dit was onskuldig. Dit kon niks seermaak nie, gelyk asof; gaan net aan. Dis die manier hoe Satan inkom. O, hy's 'n slu voël.

Hy het vir Eva, gesê, "Nou, weet jy dat jy soek vir wysheid. Jy weet nie wat reg en verkeerd is nie." Gesê: "Nou, as jou oë oopgemaak is, sal jy weet wat." En gesê: "Die vrug is baie aangenaam. Dis goed. Dis—dis aangenaam vir die oog. Jy behoort dit nou te vat. Jy weet nie of dit is, of nie, nie waar nie?"

"Nee, ek weet nie. Maar God het gesê om dit nie te doen nie."

"Maar, o, wel, ek weet, maar …"

"God het gesê Hy … ons sou sterf."

Hy het gesê: "Hy sal dit sekerlik nie doen nie." Sien, net so onskuldig soos dit kan wees. Kyk wat dit gedoen het.

Kyk hoe hierdie antichris gees opstaan onder die vroeë kerk, 'n doktriene van Nikolaïete. *Nikao*, "oorwin" die geestelikes, maak 'n heilige man. O, dis net so inn- … "Wel, ons wil net vriendskap hê. Wel, julle is versprei hier; niemand weet waar iemand is nie. Ek dink ons almal behoort 'n organisasie te hê en wees net anders. Sien, ons gaan, sit onsself bymekaar. Ons behoort 'n groep daarvan te maak." En dis wat dit is. Daar is nie so-iets soos die Christen Kerk van Metodiste nie. Dis nie 'n Kerk nie; dis 'n groep. Baptis, dis nie 'n Kerk nie; dis 'n groep.

105 Daar is net een Kerk, en dis die mistieke Liggaam van Jesus Christus. En jy word in Dit gebore, dis reg, deur voorbestemming. Dis reg. "Almal wat die Vader My gegee het sal kom. Geen mens kan kom tensy die Vader hom roep nie. En almal wat Hy My gegee het, sal na My toe kom." So, dit, dis dit. Hy het net …

Die Lam sit daar, maak—doen bemiddeling, totdat die laaste een inkom. Die klokkie lui, en Hy loop uit en neem dan Sy besitting, sien, dis al; bring Sy Kerk Huis toe, Sy onderdane. En werp Sy vyand in die Poel van Vuur, en al sy onderdane gaan saam met hom daarin, en dis dit. Dan stap ons uit in die Millennium.

106 Selfde ruiter, nou. Hierdie eerste stadium, was hy onskuldig. En tweedens, nou, as jy 'n bietjie hoër gaan, 'n bietjie meer as dit; die tweede stadium, het die Bybel gesê hy sou "'n kroon gegee word." En hulle het 'n mens gekroon, 'n superman. Sien, hom gekroon! En, toe, het die Bybel hom nie 'n pous genoem nie. Die Bybel het hom 'n "vals profeet" genoem. Hoekom? Ja. Natuurlik, moet hy 'n vals profeet wees, deur sy antichris gees, wat antichris geleer het teen die oorspronklike Woord. Want, as hy geleer het teen die oorspronklike Woord, was dit antichris. Dit was. En die Woord is God, sien, Christus. Goed. Nou, na dit, vind ons hom gekroon. En toe hy gekroon is, nou, hy is baie onskuldig en hulpeloos. Hy was net klein.

107 Maar toe in die Nicaea Raad, is hy dit gemaak, en Konstantyn het hom al die eiendom gegee. En toe wat het hy gedoen? Toe het hy, sien, Satan, hom sy troon en gesag gegee. Die Bybel het so gesê, soos ons daardeur gegaan het.

Nou, die volgende ding wat ons uitvind, is dat die duiwel alle politiek beheer het wat ooit was of ooit sal wees. Ons vind dit in Matthéüs 4:11. En nou vind ons uit, toe, dat Satan alreeds politiek gehad het.

Maar hy probeer die Kerk kry, so hy gaan af om Dit te mislei. Hy kry sy superman, werk hom in 'n organisasie in, en kroon hom "vikaris," sien, 'n christus. Christus bedryf in plaas van God. Sien, hierdie persoon is 'n vikaris, in plaas van God. Sien? Net dieselfde: "in plaas van God," wat hy veronderstel is om te wees, 'n vikaris onder Christus.

108 Nou, nou, toe hy dit gedoen het, wat het hy toe gedoen? Hy, Satan, het sy politieke mag geneem, waaroor hy alreeds was, en het die godsdienstige mag geneem, wat hy alreeds voor gekroon was, en het hulle bymekaar gesit.

En toe het hy vir hom nog 'n kroon gemaak oor die hel. En hulle wat dood is, as hulle genoeg geld betaal het, sou hy hulle uitkry. Sien? So nou is hy—hy is vikaris oor die Hemel, oor boetedoening, soos hy dit wil noem. Nie so-iets in die Bybel nie, sien, maar hy moes iets maak. Die Bybel het gesê dit kom uit die bodemlose put, en keer terug op dieselfde manier. En, op aarde, 'n heerser!

109 Nou wat is hy toe gegee? Eerste, het hy 'n boog gehad, maar hy het nie 'n pyl gehad nie. Maar nou het hy 'n magtige swaard in sy hand. Hy kan nou iets doen. Dan spring hy af van sy wit perd; die wit perd ry aan. Nou gaan hy oor na wat? 'n Rooi perd, bloed, bloedrooi perd. Hy ry regtig daardie een. O, sekerlik. Nou is hy groot mag en 'n groot swaard gegee, om dood te maak, dan ry hy sy bloedrooi perd.

110 Ons sien, van die Tweede Seël, wat gisteraand oopgemaak is, hy het vrede van die aarde weggeneem en mekaar doodgemaak. En sy eie martelaarskap, van die Rooms Katolieke kerk, toon dat hulle agt-en-sestig miljoen Protestante doodgemaak het, van die tyd van Sint Hippo van … na Sint Augustinus van Hippo, tot vyftienhonderd-en-tagtig erens. "Agt-en-sestig miljoen." Schmucker se *Groot Hervorming*, as julle dit wil lees, *Glorious Reform,* liewer, sien. Nou, agt-en-sestig miljoen is vasgestel in die martelaarsgeskiedenis! Toe een van hulle sogenaamde heiliges die openbaring gekry het dat enigiemand wat nie saamstem met die Roomse kerk as 'n ketter moes sterf, het dit hulle net aangespoor. Man, hy het die bloed begin mors! Hy—hy het op sy wit perd gespring … op sy rooi perd, en hy het gery. O!

111 Nou kom sy groot krag. Hy is vikaris van die Hemel gemaak, en aanbid as God. Heerser van die aarde, deur die kerk en staat saam te verenig, het hom heerser op aarde gemaak; hom 'n kroon gegee oor dit. Hy kon die siele bid uit boetedoening. Hy kon ook tussenbeide- … Hy was net soos God, op aarde, in plaas van God. Saam, het hy groot mag gehad om dood te maak wie ookal nie met sy opdrag saamgestem het nie. Wie gaan enigiets vir hom sê? Die kerk kan niks sê nie; hy's hoof daarvan. Staat kan niks sê nie; hy's hoof daarvan. So, hulle het by die miljoene gesterf. Al daardie klein kerkies, broer, is opgebreek, en doodgemaak en vermoor, en vir leeus gevoer, en alles anders. Sien? "Die draak," Rome: "het hom sy sitplek en gesag gegee." Die Bybel het so gesê. Sien? So hy het sy getipeerde, rooi perd deur menslike bloed gery, sodat dit 'n rooi perd geword het.

Nou sien Johannes hom op 'n swart perd. Hy het verander, iets anders.

Nou ek moet—om dit te sê net soos dit na my gekom het. En dan en as dit na my toe gekom het en nie vergelyk met die res van die Skrifte nie, dan het God dit nooit gegee nie. Sien, die Skrifte moet,

elkeen, dis net een yslike groot—groot ding soos dit. Skrif moet met Skrif saamstem. En enigiets teenstrydig met die Skrif … As daardie Engel van die Here my enigiets gesê het wat nie Skriftuurlik was nie, sou ek Hom nie geglo het nie. Sien?

112 Ek het gesê, daar in Chicago nou die dag, toe al daardie honderde predikers … Was enigiemand daar by daardie byeenkoms? Sekerlik. Daardie byeenkoms in Chicago, ek het gesê: "Nou, julle almal praat van julle het … Julle dink julle het my vasgedraai hier, oor iets." Omtrent soos nou in hierdie kamer. Ek het gesê: "Wat is dit? Julle het iets teen my." Ek het gesê: "Die Heilige Gees het my gewys, drie aande terug, waar elkeen van julle sou wees. En ons sou nie in daardie … Vra Carl hier of dit nie reg is nie."

En daar was Hank en hulle almal: "Dis reg." Julle almal was daar om te hoor.

113 Ek het gesê: "Nou julle is teen my, oor my Leerwyse. Dis wat die probleem is. Nou ek wil hê een van julle moet hiernatoe kom, en jou Bybel kry en by my staan, en Dit verkeerd bewys." Dit was die stilste klomp wat jy ooit gehoor het. Ek het gesê: "Wat is die probleem met julle?" Ek het gesê: "Dan, as julle weet julle kan nie opstaan teen die Woord nie, klim dan van my rug af. Julle Doktors van Godgeleerdheid en alles, en praat hoe, stel julleself voor as 'Doktor,' 'Doktor,' 'Doktor.' En ek is 'n …" (O, ek en Broer Woods sê "cheechaker," of, "groentjie.") "Ek het geen opleiding nie, was nooit by enige teologieseskool of skool nie. Maar kry jy jou Bybel en kom hier en staan langs my, weerlê die slang se saad, die doop in Jesus se Naam, of enige van daardie dinge wat ek leer." Niemand het 'n woord gesê nie. Julle almal weet dit. Dit was die stilste klomp wat jy ooit gesien het.

Sien, hulle kraai net soos ek nie weet wat nie. Nou, nou hier is dit. Ek glo nie daarin om met mense te stry nie, maar wanneer dit kom by 'n punt waar hulle jou daarin probeer sleep. En ek sou nie gegaan het nie, maar die Heilige Gees het vir my gesê: "Gaan soontoe. Ek sal by jou staan."

114 Het hulle vertel, drie of vier dae voor die tyd. Julle almal was daar en het Mnr. Carlson en hulle gehoor, en—en Tommy Hicks. En almal van hulle het daar gesit. En ek het gegaan, drie dae tevore, en ek het gesê: "Julle sal daardie plek moet kanselleer."

Dit was 'n stormagtige nag. Ek het 'n diens gehou. Hy het gesê: "Gaan staan by daardie venster, by daardie derde deurtjie daar." En ek het soontoe gegaan en reg daar gestaan. Ek het so uitgekyk.

Hy het gesê: "Hulle het 'n strik vir jou gestel. Hulle gaan jou vra om by daardie Predikersvereniging van Groter Chicago te praat." Gesê: "Hulle het 'n strik vir jou gestel, dis wat jy leer oor My Woord."

115 Hy het gesê: "Nou, hulle gaan daardie plek daar kanselleer. Hulle gaan dit nie kry nie. En hulle gaan by 'n plek wees, waar dit bruin is." Gesê: "Hier is hoe dit lyk." Ek het gestop, en ek het myself in 'n hoek gesien; teruggekyk daarheen en gesien. Ek het hulle almal daar gesien. Ek het al daardie predikers daar sien sit, hoe hulle was. Ek het hulle almal deurgekyk. En Hy het gesê …

"O," het ek gedink: "ek beter dan nie soontoe gaan nie, Here, as hulle dit gaan doen. Ek wil nie hulle gevoelens seermaak of enigiets verkeerd doen nie."

Hy het gesê: "Gaan. Ek sal by jou staan." Hy het. Dis reg.

Nou, julle almal, daar is getuies hier, het daar gesit en weet dis waar. Dis reg. Wel, julle het die bande hier, ook. Maar, daar het julle dit, julle sien.

116 Nou, nou hier is die verborgenheid hiervan. En nou, Dit, toe Dit aan my geopenbaar is vroeg vanmôre, voor daglig. Ek het vinnig na die Skrif gegaan en begin kyk, dit opgesoek. Daar was dit. Drie van hulle, tot dusver, is absoluut, bonatuurlik geopenbaar. Ja. Nou hier is die geheim van die swart perd, volgens dit wat aan my geopenbaar is.

117 Hy het hom begin ry in die tyd van die donker eeue. Dis wat die donker perd verteenwoordig het, die donker tydperke, want dit was 'n tyd van middernag vir die ware gelowiges wat oor was. Kyk nou in daardie kerk tydperk, daardie middel kerk tydperk, die donker kerkeeu. Kyk hoe Hy sê: "Julle het net 'n bietjie krag." Dit was 'n middernag vir hulle, vir die ware gelowige. Nou kyk. Omtrent alle hoop is van die ware Kerk weggeneem, want hierdie persoon het beide kerk en staat beheer. Wat gaan hulle doen? Sien, Katolisisme het oorgeneem, beide kerk en staat. En almal, wat nie met Katolisisme saamgestem het nie, is doodgemaak. Dis waarom hy op 'n donker perd was. En kyk watter donker ding hy gedoen het, sien, dan kan julle sien. En jy … As jy jou geskiedenis ken, hou dit dop, dan sal jy … Wel, jy sal dit nie eens hoef te weet, om—om Dit te weet nie. Nou kyk. Alle hoop was weg. Dis sy swart perd.

Nou, hy het ingery met sy wit perd, listig.

Toe is hy mag gegee; hy het vrede gevat, die miljoene doodgemaak. Dis wat hy sou doen soos hy verder gery het. En hy doen dit steeds. Sien?

Nou, hier is hy nou op sy swart perd, wat voortgaan. Donker eeu, dit was die tyd. Net omtrent die

tyd toe die kerk opgerig is, en aan bewind gekom het, het hulle alles onderdruk. En het gegaan deur, omtrent, honderde en honderde en honderde jare, is wat elke leser ken as die donker eeue. Hoeveel weet dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Sekerlik, die donker eeue. Daar is jou donker perd, wat daardie donker eeu verteenwoordig. Nou, alle hoop weg; glad geen hoop nie. Alles het donker gelyk, vir die klein gelowiges. Nou, dis waarom dit genoem word, verteenwoordig, die donker perd.

118 "Sy weegskaal, of sy skale, in sy hand," sien julle. Roep uit: "Maat koring vir 'n penning, en drie mate gars vir 'n penning." Sien, eintlik, dit is, koring en gars is natuurlike bron van krag. Dis waarvan brood en goed gemaak word. Maar, julle sien, hy het hiervoor betaling gevra. Wat dit beteken, is, hy het sy onderdane laat betaal vir die soort van hoop van die lewe wat hy uitgestuur het vir hulle, deur te … Hy het in daardie einste tyd begin, om hulle te laat betaal vir gebede, vra betaling vir gebed. Hulle doen dit steeds; novenas.

Want, wat het hy gedoen? Kry al die rykdom van die wêreld. Die skaal, weeg: "Koringmaat vir 'n penning; drie mate gars vir 'n penning." Die ruiter op 'n swart perd, sien, hy het gemaak … sy onderdane van hulle geld gestroop. Wanneer, die Bybel voorspel dat hy besit, omtrent, die rykdom van die wêreld. Soos ons gisteraand gesê het oor Rusland, en dit alles, hulle vat net al die geld en stroop net die mense van alles wat hulle het, alles. So, daar het julle dit.

119 Nou let op. Sien julle waar daardie geld vat, in die kerk, vandaan kom? Kom weg van daardie goed af; om 'n organisasie te bou, 'n groot iets, miljoen dollar hier. En—en sien julle wat die moeder daarvan is?

Dank U, Here. O, goeiste! Ek is so bly. Ja, meneer. Goed. Dis Sy genade. Dis al. Goed. Goed.

Dit was 'n middernag tydperk. Verstaan julle dit nou? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] En hier belas hy vir die soort lewe, dis sy gars en goed, natuurlik; was nie geestelik nie, nou. Dit was gars, sien, so, en garsbrood en koringbrood. Hy het betaling gevra vir daardie soort lewe wat hy aan sy onderdane gegee het. Vra vir gebed deur die priesters, om mense uit boetedoening te bid. Eis betaling! Nou ek neem dit reg uit die geskiedenis. Om te betaal vir, skat ek, dis novena, skat ek, wat almal weet wat. Novena, ek veronderstel dis iets wat jy moet doen, julle weet, 'n boetedoening. Iemand moet geld daarvoor vra. Bring die rykdom van die wêreld na hom, in homself, in die kerk self. En hy ry steeds. O, sekerlik hy ry. Ja, meneer. Ry steeds!

120 Let op. Hier is die goeie deel nou. Let op

> … *en moenie die olie en die wyn beskadig nie.*

"Net 'n klein bietjie Daarvan oor, maar moenie Daaraan raak nie!"

Nou, olie is … simboliseer die Gees, die Heilige Gees. Ek sal julle 'n paar verse gee as julle wil. Daar is twee Skrifte. In Levitikus, 8:12, waar Aäron, voor hy ingegaan het, gesalf moes word met olie, julle weet. En in Sagaria 4:12, van olie wat kom, wat deur die pype vloei, en gesê: "Dit is My Gees, Olie." Nog 'n ding, as jy wil kyk na Matthéüs, 14 … 25, was daar 'n dwase maagd, of 25:3, die dwase maagd het geen Olie, geen Gees gehad nie. En Matthéüs 25:4, die wyse maagd het Olie in haar lamp gehad, Geesvervuld. Gees! Olie tipeer die Gees. O, glorie! [Broer Branham klap sy hande een keer — Red.] Goed. Begryp julle dit? [Gemeente sê: "Amen."] Goed. Nou, olie tipeer Gees.

121 En wyn simboliseer stimulasie van openbaring. O, ek—ek wil graag oral oor die plek hardloop. Dis 'n wonder dat ek nie die buurt wakker gemaak het nie, toe die Here my dit gewys het, sien: "stimulasie van openbaring." Sien?

Olie en wyn, in die Bybel, word saam geassosieer, altyd. Ek het die konkordansie gekry en gekyk. Daar's 'n string van hulle, wat soos—soos *dit*, waar wyn en olie saamgaan, die heeltyd. Sien?

122 Wanneer die Waarheid van 'n beloofde Woord van God waarlik geopenbaar is aan Sy heiliges wat gevul is met Olie, word hulle almal gestimuleer. Wyn is 'n stimulasie. Glorie! Ek voel Dit sommer nou. Gestimuleer met vreugde, uitroepe! Sien? En, wanneer Dit gebeur, het Dit dieselfde effek op hulle wat—soos wat wyn op 'n natuurlike mens het. Want, wanneer die openbaring gegee is, van 'n Waarheid van God, en die ware gelowige gevul met Olie, en die openbaring geopenbaar word, word die stimulasie so groot dat Hy hom homself abnormaal gedra. Reg. Glorie! [Gemeente juig — Red.] Sien, dis wat nou die probleem met hulle is. Dis reg, laat hulle hulleself onbetaamlik gedra.

123 Nou, as julle Skrif hiervoor wil hê, begin om Handelinge 2 te lees. Waar is hulle? Hulle het die belofte gehad wat aan hulle gegee is. Toe al die beloftes van die Heilige Gees op hulle uitgestort is. En was … Was dit Skriftuurlik bevestig. Nou, julle sien, die …

Wat as hulle gesê het … "Nou, wag, Hy het vir ons gesê om hier te wag vir ons bediening." En na agt dae, het hulle gesê: "Wel, ek sal julle sê, manne," Markus het vir Matthéüs gesê: "ek—ek glo ons het Dit

alreeds, mense. Dink julle nie so nie? Sien, ons het Dit alreeds gekry. Terwyl ons nou wag op ons bediening, behoort ons net uit te gaan, en te preek. Hy het vir ons gesê om hiernatoe te kom en te wag, en dit is agt dae wat ons hier is."

"Wel, laat ons nog een wag."

Nege dae het gekom. Toe kom Markus, of—of—of miskien een van die ander, Johannes, sê: "Ek—ek—ek glo ons behoort nie langer te wag nie. Ek glo ons het Dit alreeds. Glo julle nie?"

124 Dan kan ek Simon sien, want hy het die sleutels gehad, julle weet. "Nou wag 'n oomblik, kêrels! Die Skrif het iets hieroor te sê. Hy het ons nooit gesê hoeveel dae om te wag nie. Hy het gesê: 'Bly julle daar tot! Julle bly daar totdat Joël se profesie vervul word, totdat Jesaja se profesie bevestig is.'"

"Want met stamelende lippe en met ander tale sal Ek tot hierdie mense spreek. En dit is die verfrissing." Hierdie is die wyn wat uitgegooi word. Wat is wyn, in die Bybel? Verkwikking. "Dit is die verkwikkings wat van die Teenwoordigheid van die Here kom." Sien? Dit—dit moet nou Skriftuurlik wees. Sien?

125 So, julle sien, wyn verteenwoordig stimulasie van openbaring. En toe die Heilige Gees geval, en hulle die Vuur van God op hulle sien neerval het, goeiste, dit het hulle begin stimuleer. En voordat hulle weet, was hulle so gestimuleer dat die mense werklik gedink het hulle was dronk, maar hulle was gestimuleer deur die openbaring. Deur God se … Hier is dit! God se bevestigde openbaring, duidelik gemaak vir hulle, hulle was bly Daaroor. God het dit belowe. Hier is dit aan hulle geopenbaar, en bevestig aan hulle. Amen! Hier was 'n man wat daar gestaan het, gesê: "Dit is Dit! Die is Dit!" En daar was Dit, bevestig deur dieselfde teken wat ons vandag het. Daar is—daar is stimulasie deur openbaring. Sien? En, nou, hulle het Dit toe regtig gehad.

Dis waarom Petrus daar kon uitgaan, en sê: "Wel, julle manne van Judéa, en julle wat in Jerusalem woon, luister na my. Al julle Doktors van Godgeleerdheid, luister na wat ek julle gaan vertel, sien."

O, hoe wonderlik! Geopenbaar! Geopenbaar! Hulle het so gestimuleer geraak toe hulle sien dat dit bevestig is. Dit doen dit net altyd. Dit doen dit altyd.

126 Wanneer ek sien dat God belowe het om 'n sekere ding te doen in hierdie dag, toe Hy belowe het om hierdie Seëls oop te maak in hierdie laaste dag! En julle weet nie die vreugde, die heerlikheid, toe ek Hom dit sien openbaar, staan daar en kyk hoe dit gebeur nie! En weet dat ek enige persoon kan vat, om te vra: Hy het nooit een ding vir ons gesê wat nie so gebeur het nie. En dan om die vreugde te sien wat in my hart is, wanneer ek Sy belofte sien vir hierdie laaste dae, soos Hy belowe het om dit te doen. En hier sien ek dit bevestig en volmaak reg gemaak. Ek's net … Julle hoor my sê: "Ek voel godsdienstig." Dis wat die probleem is. Die stimulasie is so erg, ek—ek—ek is net—net omtrent gereed is om te begin huil, julle weet. Stimulasie, van openbaring! Goed.

127 Hulle het so gestimuleer geraak, oor die—die openbaring, dat hulle bevestig het, goed, die belofte. Nou, o, goeiste! Daar het die vreugde van stimulasie uitgebreek, totdat die mense gesê het: "Hulle is dronk van nuwe wyn," toe God Sy belofte aan hulle geopenbaar het. En nie net het Hy dit geopenbaar nie, maar Hy het dit bewys.

Dis wat ek altyd gesê het. 'n Man kan enigiets sê, ja, hy kan net in staat wees om enigiets te sê; maar wanneer God omdraai en dit bevestig!

128 Nou, die Bybel het gesê: "As daar een onder julle is, wat aanspraak maak om geestelik of 'n profeet te wees, as hy hierdie dinge sê en dit gebeur nie, moet dan geen aandag aan hom gee nie. Moet hom glad nie vrees nie. Moenie daardie man vrees nie. Maar as hy dit sê en dit gebeur; dis Ek, julle sien. Ek, Ek is in Dit. Dit bewys waarom dit Ek is."

En, dan, daardie Samaritaanse vroutjie. Wanneer die Skrif gesê het dat hierdie Messias hierdie dinge sou doen, en hier staan Hy en doen net presies wat die Skrif gesê het. Sy het gesê: "Dit is Hy. Kom, sien 'n Man! Is dit nie presies die ding wat die Skrif gesê het sou gebeur nie?" Sien, sy het gestimuleer geraak deur openbaring. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Sy het gestimuleer geword deur openbaring, toe dit bevestig is. Sien? Dis reg. Sy het geweet dat daar was …

129 "Ons weet dat die Messias moet kom, Wie die Christus genoem word. En wanneer Hy kom, sal Hy hierdie dinge doen." Sy het dit gesien.

En Hy het gesê: "Ek is Hy."

Toe het die stimulasie begin. En sy het weggegaan, geskree, deur die stad gegaan. Sy het haar ou waterpot gelos, en afgegaan soontoe, en vir die mense gesê: "Kom, kyk!"

130 Nou, as julle net die Oosterse tradisies geken het, dis verkeerd van haar om dit te doen. Ja, meneer.

'n Vrou van daardie tipe, niemand sou na haar luister nie. Nee, meneer. Sien, sy het 'n merk gehad, en toe sy … As sy so in die straat sou afgaan, en so optree, sou die mense van die straat geen aandag aan haar gee nie.

Maar, broer, sy het 'n Woord van Lewe daar gehad! Sy was gestimuleer. Jy kan … Dit was soos om 'n huisvuur te probeer blus, aan die brand, op 'n winderige dag. O, daar's iets wat dit waai! Sy was—sy was gereed. Ja. Hulle kon Dit nie uitsit nie. Dit was God se Vuur wat gebrand het. Ja, meneer. Sy het gesê: "As julle nie glo dis so nie, kom net hierheen waar die byeenkoms aan die gang is. Ek sal dit vir julle wys." Ja. Dis dit. Ja. Ja, meneer.

131 En so het die mense daarheen gegaan. En Hy het dit nie weer gedoen nie. Maar hulle het geweet iets het met daardie vrou gebeur. Sy was anders, so hulle het Hom geglo. Ja, meneer. Hulle het in Hom geglo.

Want, "Geloof kom deur gehoor, hoor die belofte van God, die Woord van God, en kyk hoe Dit waar word." Want, Dis 'n saad. En wanneer Dit gesaai word, sal Dit Lewe voortbring. Dit sal produseer net waarvan Dit praat. As dit nie, dan is dit nie God se Saad nie. Of, die saaier het nie geweet hoe om Dit te saai nie; Hy was nie gestuur deur God, om Saad te saai nie. Hy saai Hulle dalk bo-op 'n rots of iets. Sien? So julle—so julle sien, die saaier wat die Saad saai, God sorg Daarvoor, Dit val op die regte plek, julle sien. O, goeiste!

132 Wat sê Dit dan vir hierdie ruiter in swart? "Moenie My wyn en My Olie skade aandoen nie! Moenie Dit raak nie, My wyn en Olie! Ek het net 'n klein bietjie van Dit daar, maar daar is nog 'n klein bietjie daar. Ja. Nou jy kan gaan en al daardie soort lewe opweeg wat jy uitgee; dit hang van jou af. Jy gaan betaal vir dit daar. Maar wanneer jy daardie wyn en Olie raakloop, los jy Dit uit!" O, goeiste! As jy kan, as jy …

Met ander woorde, so: "As jy sommige van My klein Kudde vang, wat gevul is met My Olie en wyn, sien, wyn en Olie van die suiwer Woord, sien, en jy gaan hulle doodmaak. Want, jy, jy doen dit. Dis wat jy doen. Moet hulle nie dwing om enige 'Heilige Maria' te sê, of enigiets soos dit, of sommige van jou leerstellings nie. Hou jou hande van hulle af. Hulle weet waarheen hulle gaan, want hulle is gesalf met My Olie. En deur gesalf te wees met My Olie, het hulle die wyn van vreugde, want hulle ken My Woord van belofte: 'Ek gaan hulle weer opwek.' Moet Dit nie seermaak nie! Moenie probeer om hulle deurmekaar te maak nie. Want, bly net weg van Dit. Nee." Al …

133 Hy bevestig Sy Woord en bring Dit in. Hulle het geweet. Hulle het geweet hulle sou weer opstaan. O, ek hou daarvan! Sjoe! Hulle sal weer opstaan. Hier kom die swart perd, ry nou, deur die donker eeue.

Daar gaan die wit perd; ons het gesien wat hy gedoen het, perfek. Hier kom die rooi perd; ons sien presies wat hy gedoen het. Hier kom die swart perd. Julle sien, hy is dieselfde ruiter die heeltyd, wat hy doen, regdeur die eeue.

Nou vind ons uit, hy het dit gemeet en daarvoor betaling gevra, presies: koring, natuurlike, natuurlike lewe. Dis waarop hulle gelewe het.

Maar, simboliseer; Gees, Olie; en vreugde van die wyn. "Daardie geestelike Lewe, moet Dit nie seermaak nie. Los Dit uit!" Andersins: "Rome, moenie Dit aanraak nie! Dis Myne! Dit behoort aan My!"

134 Nou ek het nog 'n ding hier wat ek wil hê julle moet weet. Let op, dit was nie een van die vier Gediertes wat gesê het: "Moenie die Olie en die wyn aanraak nie." Het julle dit opgelet? Die vier Gediertes het gepraat, maar … Kyk, laat ek net hier lees, net 'n bietjie, sien, nou.

> … *rantsoen*, 'n penning, vir 'n—vir 'n … *koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.*

Nou luister hier.

> ..*hoor ek die stem van die vierde lewende wese se*:

Wat was Dit? Die Lam! Amen! Dit was nie die vier Gediertes nie. Die Lam het dit gesê. Hoekom? Hy gaan Sy Eie neem. Dit behoort aan Hom. Hy het dit verlos. Sien? Amen! "Moenie daardie Olie aanraak nie!" Nee, meneer. Nie die vier Gediertes nie, maar die Lam was die Een wat dit gesê het. En, o, goeiste! Die Lam! Nie … Die vier Gediertes het dit nie aangekondig nie. Die Lam het gesê, Homself.

Toe die vier Gediertes gesê het: "Kom kyk," en hulle het gegaan, en hulle het dit so gesien.

En Hy het gesê: "'n Rantsoen koring vir 'n penning, en vir me- … en soveel soos *die*, en soveel gars." Maar toe het die Lam uitroep, reg tussen hulle, gesê: "Maar moenie die wyn en Olie beskadig nie!" Uh-huh. Dis reg. O, goeiste! Luister daarna: "Moenie Dit seermaak nie, seun, of jy gaan eendag daarvoor betaal." O, goeiste!

Nege-dertig.

135 Wel, na die beste van my begrip, en die beste waarvan ek weet, en met alles wat ek in my hart glo, is dit die ware betekenis van daardie drie Seëls. Ek wil God daarvoor dank. En ek sal dit sê, dat, dis die openbaring wat Hy my gegee het. Hy het dit vir my gegee, die openbaring Daarvan. En ek glo wel dat ons in die laaste dae lewe.

Môre-aand sal ons daardie vaalperd ruiter neem. En nou weet ek nie. Ek weet nie. God weet dis waar. Ek weet nie een ding daaromtrent nie. Nee.

Ek het my ou konteks opgesoek wat ek jare gelede gehad het. Ek het Broer Graham Snelling 'n rukkie gelede gesien; hy mag uitgegaan het. Maar, ek onthou toe ek tevore hier gepreek het. Ek het opgekyk om te sien wat ek jare gelede gesê het. Eendag het ek deur die Boek van Openbaring gegaan, ek het al vier perderuiters op een slag gevat.

136 Ek het gesê: "'n Wit perd, dit was die vroeë kerk, sonder twyfel." Ek het dit gelees uit 'n boek van die Adventiste. En ek het iets daar gelees. Ek het gesê: "Dit was die vroeë kerk wat uitgegaan het, oorwin." En die volgende was 'n swart perd, ek het gesê … ek vergeet nou wat ek daardie swart perd genoem het. Ek het gesê …

Of: "Die rooi perd," liewer, ek het gesê: "daardie perd het waarskynlik voorspel dat—daardie moeilikheid is op die pad, en dit gaan beteken 'n klomp oorloë gaan gebeur, of so-iets." Ek het gesê: "Waarskynlik sal daar 'n klomp oorloe wees." Ek het gesê: "Dis wat dit sou wees." En toe het ek gesê: "Die—die vaal hor- …"

137 Of: "Die—die swart perd," het ek gesê: "dit—dit beteken dat—dat miskien 'n swart tyd op aarde sal kom, wanneer al die sterre sal skyn—sal ophou; die son sal ondergaan, en die maan sal nie sy lig gee nie." Ek het gesê: "Dis waarskynlik wat dit beteken."

Ek het gesê: "Die vaal perd, dit beteken 'n klomp siekte kom aan." Nou, ek weet nie wat dit beteken nie. Maar, dis, dit was toe my interpretasie daarvan, want ek het dit net die beste gedoen wat ek kon, hier op die preekstoel gestaan.

Maar, o, ek het amper iets gesê! Goed. Hum! O! Julle sal—julle sal sien. Kyk net, sien.

Nou, o, is ons nie bly vir hierdie uur waarin ons lewe nie! [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Wanneer ons al hierdie dinge sien opkom, dink ek:

Nasies breek op, Israel ontwaak,
Die tekens wat die profete voorspel het;
Die dae van die heidene is getel, met verskrikkings omring;
"Keer terug, O verstrooides, na julle eie."
Die dag van verlossing is naby,
Mense se harte feil vir vrees;
Word gevul met die Gees, julle lampe geknip en helder,
Kyk op, jou verlossing is naby! (O, goeiste!)
Vals profete lieg, hulle ontken God se Waarheid,
Dat Jesus die Christus ons God is;

Glo julle Dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

Maar ons sal wandel waar die apostels gestap het.
Want die dag van verlossing is naby,
Mense se hart faal vir vrees;
Word vervul met die Gees, laat julle lampe geknip en helder wees,
Kyk op, jou verlossing is naby!

138 Is dit nie wonderlik nie? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Ek lief dit. Verlossing is naby.

En dit sal Lig wees in die aandtyd,
Die pad na Heerlikheid sal jy sekerlik vind;
In die waterweg, is die Lig vandag;
Begrawe in die kosbare Naam van Jesus.
Jonk en oud, bekeer jou van al jou sonde,
Die Heilige Gees sal sekerlik ingaan;
Die Aandlig het gekom,
Dit is 'n feit dat God en Christus Een is.

Hy's die Woord! O, goeiste! Wonderlik!

Binnekort sal die Lam Sy Bruid neem om altyd aan Sy sy te wees,
Die hele leër van die Hemel sal vergader word;
O, dit sal 'n wonderlike gesig wees, al die heiliges in vleklose wit;

En saam met Jesus sal hulle Ewiglik feesvier.
O: "Kom en eet," roep die Meester: "Kom en eet;"
O, jy mag die heeltyd aan Jesus se tafel eet;
Hy wat die skare gevoed het, het die water in wyn verander,
Aan die wat honger is roep nou: "Kom eet."
O: "Kom en eet," roep die Meester: "Kom en eet;" (Eet die Woord!)
Jy mag die heeltyd van Jesus se tafel eet;
Hy wat die skare gevoed het, het die water in wyn verander,
Aan die die wat honger is word geroep: "Kom eet."

139 O, goeiste! Is julle honger? [Gemeente juig — Red.] "Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid."

140 Het jy Hom lief? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Het jy Hom lief? Die sleutel vir *Ek het Hom lief*, julle weet. Laat ons almal nou net staan, en ons hande opsteek en onsself aan Hom uitdruk. "Ek het Hom lief, ek het Hom lief omdat Hy my eerste liefgehad het." Goed, nou almal saam.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop
Op Gólgota se boom.

141 ['n Broer praat in 'n ander taal. Broer Branham wag 'n oomblik — Red.] Net baie eerbiedig. Ons het 'n tolk hier, Broer Higginbotham. Ek weet nie of hy vanaand hier is, of nie. Ons wil uitvind wat Hy vir ons gesê het. Wag net 'n oomblik. Hier, hier … ['n Suster gee 'n interpretasie.]

Sekerlik, prys die Here! My geloof is hoog opgelig in God. Het jy, het jy Hom lief, vanaand, met jou hele hart? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] O, prys Hom, en sê: "Dank U, Here Jesus!" [Gemeente prys God.]

Hoe prys ons U nie, met ons hele hart, Here! Glorie aan God!

Gee Hom net lof, al julle mense. God sy met julle! [Gemeente bly jubel en prys God — Red.]

MESSAGE hub online
www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur
William Marrion Branham
"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7